
# NAMPO
## KAAP | CAPE

SA Graan Grain

## GIDS ▪ GUIDE

# 2024



11 – 12 – 13 – 14 SEPTEMBER

BREDASDORP PARK

**LANDBOU: DIE RUGGRAAT VAN EKONOMIESE GROEI**

**AGRICULTURE: THE BACKBONE OF ECONOMIC GROWTH**




## KONVENSIONEEL

### DIAMOND
- **Tipe:** Konvensioneel-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Kort
- **Opbrengspotensiaal:** Uitstekend
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

### QUARTZ
- **Tipe:** Konvensioneel-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Baie goed
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

Clearfield®
Production System for Canola

### NUSEED CERES IMI
- **Tipe:** Clearfield-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Kort
- **Opbrengspotensiaal:** Uitstekend
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

*Clearfield® is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.*

## TRIASIEN-TOLERANT

### ALPHA TT
- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Baie goed
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

### HYTTEC TROPHY
- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Uitstekend
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

### AGASTRA TT
- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Goed
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

### HYTTEC TRIFECTA
- **Tipe:** TT-baster
- **Groeiseisoenlengte:** Medium
- **Opbrengspotensiaal:** Baie goed
- **Swartstamweerstand:** Weerstandbiedend

**Takke:**
**Brackenfell:** 021 981 1126
**Cradock:** 087 365 0010
**George:** 087 354 1028
**Howick:** 033 330 2765
**Kimberley:** 053 841 0675
**Piketberg:** 087 365 3025
**Port Elizabeth:** 041 373 9894
**Potchefstroom:** 018 294 7470
**Pretoria:** 012 803 6033
**Swellendam:** 087 359 3236
**www.agricol.co.za**

GSA GRAIN | GRAAN
SA Graan Grain

**EIENAAR/UITGEWER**
GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
*www.grainsa.co.za*

**REDAKSIE**
Dr Dirk Strydom
BESTURENDE DIREKTEUR VAN
NAMPO (PTY) LTD
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: *dirks@grainsa.co.za*

**REDAKTEUR**
Valerie Cilliers
Tel: 018 468 2716 • Sel: 060 991 1606
E-pos: *valerie@infoworks.biz*

**BESTURENDE REDAKTEUR**
Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**MEDEWERKERS**
Louise Kunz
Mariëtta Cronjé

**PUBLISERINGSPAN**
Elmien Bosch, Lani Viljoen
en Marisa van Heerden (bladuitleg)

**ADVERTENSIEVERKOPE**
KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: *jurgen@kolbemedia.co.za*

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekonsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: *ruth@schmiltz.co.za*




# Voorpunt



**Valerie Cilliers, redakteur**

Die Overberg word lank reeds beskou as die broodmandjie van die Kaapprovinsie. Die streek se vrugbare landbougrond ondersteun graanboerdery uitstekend en met jare se ryke landbou-erfenis, diverse produkte en 'n sterk gemeenskapsgevoel vorm dit 'n belangrike middelpunt van landbou in die Wes-Kaap.

Dit maak dus sin dat die grootste handelsmerk wat landbouskoue betref – NAMPO – ook in die Overberg tuisgekom het. Hoewel veel kleiner as die NAMPO Oesdag in die Vrystaat, het NAMPO Kaap net soveel meriete, veral as dit by streekspesifieke landboukwessies kom. NAMPO Kaap dien as 'n vooraanstaande platform waar produsente die nuutste tegnologie eerstehands kan beleef en waar samewerking binne die landbougemeenskap bevorder word.

Hierdie gewilde ekspo word vanjaar vir die vyfde keer onder die NAMPO-vaandel op Bredasdorp Park aangebied. Verlede jaar het bykans 35 000 mense deur die park se hekke gestroom – 'n welkome ekonomiese inspuiting vir die gemeenskappe in en om Bredasdorp. Die verwagting is dat NAMPO Kaap steeds meer voete gaan lok.

## *NAMPO Kaap-gids*

Die *NAMPO Kaap-gids* word saam met die Augustus-uitgawe van *SA Graan/Grain* gedruk en versprei en is ook op *www.sagrainmag.co.za* beskikbaar. Indien jy nog nie ingeteken is op *SA Graan/Grain* nie, blaai gerus na **bladsy 6** vir meer inligting oor hoe jy die gewilde tydskrif gedruk of aanlyn gratis kan ontvang.

Hierdie gids is saamgestel om jou in te lig oor alles wat by NAMPO Kaap te sien gaan wees. Bo aan die lys van wat mense wil weet, is wat alles hierdie jaar nuut by die ekspo aangebied word. Hondeliefhebbers sal verheug wees om te weet dat skaaphonde vir die eerste keer deel van die program gaan vorm. Lees meer oor hierdie slim honderas op **bladsy 14**.

Hoogtepunte by elke jaar se ekspo is die veeprogram (**bladsy 30**), die vroueprogram (**bladsy 38**) en die boereplanne (**bladsy 62**).

Die tema vir die NAMPO Kaap-blomme-ekspo vir 2024 is: "Die viering van die Overbergse landskap". By hierdie uitstalling is 'n verskeidenheid plante, wat endemies aan die streek is, te sien. Lees meer op **bladsy 43**.

Hoewel die terrein met gemak te voet deurkruis kan word, kan dit gerieflik wees om aanwysings op jou foon te ontvang. Daarvoor kan die NAMPO-toep afgelaai word. Loer ook gerus na die terreinkaart en sale-uitleg op **bladsy 66 tot 68**.

Lekker lees en geniet NAMPO Kaap.

Valerie










# INHOUD/CONTENTS


3 Alles wat jy moet weet
4 SA landbou bly die ruggraat van ekonomiese groei
6 'n Baken van uitnemendheid
6 Teken gratis in op *SA Graan/Grain*
7 NAMPO Kaap floreer danksy plaaslike ondernemingsgees
8 Hele stroperreeks op Bredasdorp Park te sien
10 Vyf goeie redes om die vyfde NAMPO Kaap by te woon
13 From humble beginnings to a national icon
14 Skaaphonde maak hul debuut op Bredasdorp Park
15 The outdoors made easy
17 Kry die nodige inligting hier
18 Ontdek die sjarme van die platteland
20 Equipment that works for you
21 New implements for all farm sizes on show
23 Akkerbouplotte gee leiding vir verhoogde opbrengs
24 Interaksie die wagwoord by NAMPO Kaap
27 Presisiedienste pasgemaak vir die Wes-Kaap
28 Geniet 'n fees van smake
30 Rasuitstalling van groot waarde vir produsente
32 Nuwe, veelsydige beesstelsel bekendgestel
35 Voltooi die skaapsiklus met presisievoeding
36 Borgskappe dra by tot sukses
38 Vroueprogram het iets vir elke smaak
43 'n Vonkelfees van die Overbergse natuurskoon
45 These boots combine durability with comfort
46 A reliable waste compaction solution
47 NAMPO Kaap bied ideale leerskool vir nuwe produsente
48 Perdeprogram open geleenthede vir plattelandse jeug
49 Australiese vakmanskap en gehalte kenmerk dié stewels
50 Kom verbreed jou kennis oor hidro- en akwaponika
52 Rack your world
53 Jeugskou ontwikkel belangrike lewensvaardighede
54 4x4-demonstrasies bly 'n trekpleister
57 Dis waaroor die gekraai en gekekkel gaan
58 Modernising for productivity
60 Neem 'n stukkie NAMPO huis toe
61 A full range of construction equipment on display
62 Wen met 'n vindingryke boereplan
64 Landbouboereplanne – inskrywingsvorm
66 Terreinkaart van Bredasdorp Park
68 Sale-uitleg








43



# ALLES WAT JY MOET WEET

## Waar en wanneer

- **Wanneer:** Woensdag 11 September tot Saterdag 14 September
- **Hektye:** Woensdag tot Vrydag, 08:00 tot 17:00; Saterdag, 08:00 tot 14:00
- **Waar:** Bredasdorp Park, Bredasdorp
- **GPS-koördinate:** S34 31.387 E20 02.912/S34 31 22.8 E20 02 54.5/S34 52300 E20 04860
- **Kaartjies:** *www.ticketpro.co.za* of by die toegangshekke
- **Toegangsgeld:** R80 (aanlyn) of R100 by die hek per volwassene en R50 per skoolgaande kind; voorskoolse kinders gratis

## Ingange en toegang

- **Toegangspaaie:** Vanaf Swellendam; vanaf Napier/Caledon/Stormsvlei; vanaf Waenhuiskrans; vanaf Struisbaai en L'Agulhas; vanaf Nooitgedacht-pad
- **Ingange na terrein:** Ingang A (parkering en hek); Ingang B (lede, bestuur); Ingang C (uitstallers en dienste). Let asseblief daarop dat uitstallers en besoekers enige plek mag parkeer en by enige toegangshek mag ingaan. Graan SA-lede het egter 'n toegewyde parkeerarea en moet by die ledelokaal by Hek A ingaan
- **Toegangshekke:** Sensako: Hek 1; Overberg Agri: Hek 2; Hollard: Hek 3; BKB Merino Classic: Hek 4; Hollard: Hek 5 en Hek 6

## Lugverkeer

- **Landingstrookbesonderhede:** Bredasdorp-landingstrook (net met voorafbespreking). Kontak/besprekings: JP du Toit: 082 450 1627 of Johan du Toit: 082 777 3935
- **Lugmag-lugverkeertoring:** 028 425 4081
- **Radiofrekwensie:** 119.8 Mhz

## Ander inligting

- **Kitsbanke:** Nedbank, Absa, Standard Bank, FNB
- **Speelterrein:** Margerite Uys-plaasspeelparkie (langs Santam-ouditorium)
- **Algemene navrae:** 028 050 1385 ●



48




54

# SA landbou bly die ruggraat VAN EKONOMIESE GROEI

Graan SA en Bredasdorp Park NPC

Die Overberg is besig om haar mooiste klere aan te trek vir NAMPO Kaap wat vanjaar van 11 tot 14 September deur Graan SA en Bredasdorp Park NPC op Bredasdorp Park aangebied word.

2024 vier die vyfde aanbieding van NAMPO Kaap en ook die 30-jaarherdenking van die eerste Meganisasiedag wat in 1994 plaasgevind het. NAMPO Kaap het sedert sy ontstaan die voortou geneem om landbou op sy beste in die Kaap voor te stel – en vir produsente asook die gemeenskap 'n platform te skep wat innovasie, tegnologie en netwerkgeleenthede soos min bied.

Dié jaar se tema – "Landbou: Die Ruggraat van Ekonomiese Groei" – is meer relevant as ooit tevore, veral te midde van die kompleksiteite van 2024 wat genavigeer moet word. Landbou bly die hoeksteen van globale ekonomieë: Dit dryf volhoubare ontwikkeling, verseker voedselsekerheid en bevorder innovasie in 'n toenemend gekoppelde wêreld. Die landbousektor is 'n noodsaaklike enjin vir ekonomiese groei. Dit voed nie net miljoene nie, maar verskaf ook 'n beduidende deel van die bevolking se lewensbestaan. Met vooruitgang in landboutegnologie – van presisieboerdery tot volhoubare praktyke – beleef die sektor 'n transformeringsfase wat bydra tot ekonomiese stabiliteit en veerkragtigheid.

"Die belangrikheid van landbou strek verder as blote produksie. NAMPO Kaap speel 'n belangrike rol in landelike ontwikkeling en die bevordering van sosiale groei. Deur produsente met moderne toerusting en kennis te bemagtig, kan ons produktiwiteit en inkomste 'n hupstoot gee, wat lei tot 'n meer lewendige en robuuste landbousektor. Boonop maak landbou se integrasie met ander sektore, soos hernubare energie en biotegnologie, nuwe weë oop vir ekonomiese diversifikasie en innovasie," het dr Dirk Strydom, Graan SA se besturende direkteur van NAMPO (Pty) Ltd, gesê.

NAMPO Kaap se sukses is sigbaar in sy volgehoue groei. Volgens Henk Aggenbach, voorsitter van die Bredasdorp Park-direksie,



**Aan die stuur van sake is Henk Aggenbach, voorsitter van die Bredasdorp Park-direksie en Chrystal van Wyk, besigheidsbestuurder van Bredasdorp Park.**

**Hierdie span staan elke jaar reg vir die hoofreëlings van NAMPO Kaap met betrekking tot die uitstallers. Voor is dr Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO (Pty) Ltd; Rialeen Lombard, NAMPO se ondersteunende beampte en Toit Wessels. Agter staan Phillip Morkel, direkteur van Bredasdorp Park NPC, Wim Venter, NAMPO se administratiewe beampte en Bennie Zaayman, bestuurder: NAMPO.**





**Moet nie die daaglikse Lipizzaner-vertonings misloop nie.**



Die Overberg staan reg om besoekers by NAMPO Kaap te verwelkom.



Trekkerwaentjies kry jou vinnig en veilig waar jy wil wees.




Verskeie akkerboudemonstrasies sal tydends NAMPO Kaap besigtig kan word.



is daar 38 addisionele uitstalruimtes van 15 m x 20 m op die terrein langs die proefpersele ingerig om in die vraag te voorsien. Nuwe masjinerie en tegnologie word jaarliks by NAMPO Kaap bekendgestel en nuwe uitstallers kan danksy die vergrote uitstalarea met gemak gehuisves word. Verder kan battery-aangedrewe motorfietse, vierwielmotorfietse en voertuie op die toegewyde demonstrasiebaan besigtig word.

## Skaaphondekspo

Besoekers aan NAMPO Kaap kan uitsien na 'n skaaphondekspo wat van die Woensdag tot die Vrydag in die BKB-veesentrum aangebied word. Hierdie program, aangebied in samewerking met die Suid-Afrikaanse Skaaphondvereniging, behels lesings, demonstrasies en kompetisies. Die finaal van die jaarlikse Toyota SA Nasionale Jong Afslaers-kompetisie word op Vrydag 13 September gehou, en tydens dié geleentheid sal die skaaphondveiling plaasvind.

## Lipizzaners

Die wêreldberoemde Suid-Afrikaanse Lipizzaners sal weer daaglikse vertonings lewer. Hierdie wit hingste sal besoekers betower met hul asemrowende bewegings op die maat van bekende musiek.

## 'n Fees van fynbos

Besoekers aan NAMPO Kaap word elke jaar verras met 'n fees van fynbos en blomme. Marjolijn Malan se indrukwekkende blommerangskikkings in die Voermolsaal sal beslis nie teleurstel nie. Die Overberg-fynbosuitstalling in die Neptun-saal beloof om, onder leiding van Jan Hagen, weer die asem weg te slaan met 'n uitstalling wat die verskeidenheid plante endemies aan die streek so na as moontlik in hulle natuurlike habitat uitbeeld. Verskillende biome sal uitgebeeld word deur onder meer proteas, speldekussings, verskeie ander fynbosspesies asook aalwynsoorte wat in die omgewing voorkom. 'n Teetuin maak deel uit van die uitstalling om as oase te dien wanneer besoekers aan NAMPO Kaap asem wil skep en iets wil nuttig in 'n natuurtuinatmosfeer.

## Die jeug is die toekoms van landbou

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou se skoleprogram beoog om 500 leerders van 30 skole wat landbou as vak aanbied, by die ekspo te betrek. Hier kan die leerders dit wat hulle in die klaskamer leer, aanvul met praktiese ervarings wat die kurrikulum ondersteun.

Op Saterdag 14 September vind die jaarlikse Overberg-streekjeugskou plaas. Leerders kan inskryf vir die volgende klasse: suiwelbees, vleisbees, vleisskaap, wolskaap, veselbok, melkbok, vleisbok, pluimvee, perd, konyn, duif, kulinêre kuns, suiwelbereiding en fotografie. Seuns en meisies tot 17 jaar neem in drie ouderdomsgroepe deel: junior-junior (5 tot 9 jaar), junior (10 tot 13 jaar) en senior (14 tot 17 jaar).

## Vroueprogram

Die vroueprogram beloof om soos altyd stampvol te wees – met bekende gaste en interessante onderwerpe. Beslis iets om na uit te sien! Die gewilde NAMPO Kaap-instapskoonheidsalon sal weer die skoner geslag van kroontjie tot toontjie bederf. ●

*Vir meer inligting oor NAMPO Kaap 2024, besoek www.nampokaap.co.za, kontak Chrystal van Wyk by 028 050 1385 of stuur 'n e-pos na admin@expo.org.za.*

# ’N BAKEN VAN UITNEMENDHEID

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

“NAMPO Kaap is ’n jaarlikse geleentheid wat ’n baken vir ons bedryf geword het deur die beste voorbeelde van Suid-Afrikaanse landbou in die Wes-Kaap en dié se potensiaal vir groei en verdere innovasie ten toon te stel,” sê dr Tobias Doyer, hoof- uitvoerende beampte van Graan SA.

“Dit is verder ’n unieke platform wat aan produsente, verskaffers en bedryfskenners die geleentheid bied om in die Wes-Kaap saam te kom, kennis te deel wat van toepassing is op hulle kontrei en betekenisvolle verhoudings te smee.

“Die ekspo se klem op tegnologie, volhoubaarheid en samewerking vloei voort uit Graan SA se missie om die belange van graanprodusente te bevorder en by te dra tot die groei van die landbousektor.

*NAMPO Kaap bied aan produsente die geleentheid om kennis te deel wat op hulle kontrei van toepassing is*

“NAMPO Kaap se tema fokus op die Suid-Afrikaanse landbou wat dien as die ruggraat vir ekonomiese groei. Ons erken graag ons landbougemeenskappe wat, ten spyte van die uitdagings wat deur droogte, ekonomiese onsekerheid en markskommelings gestel word, standvastig staan in hul verbintenis tot uitnemendheid.



Dr Tobias Doyer, hoof-uitvoerende beampte van Graan SA.

“NAMPO Kaap is dus ’n geleentheid wat die gees van ’n vasberade Suid-Afrikaanse landbougemeenskap vergestalt en wat oor veel meer gaan as net die aanbied van ’n landbouskou. Dit is ’n viering van ons kollektiewe potensiaal binne landbougeledere en ’n bewys van die krag van samewerking om vooruitgang in landbou te dryf.

“Ek wil dus my opregte waardering betuig aan die organiseerders, uitstallers en besoekers vir hul onvermoeide pogings om jaarliks van NAMPO Kaap ’n dawerende sukses te maak. Ek is vol vertroue dat die Suid-Afrikaanse landbou van krag tot krag sal bly groei, geïnspireer deur die innovasie, veerkragtigheid en kameraadskap soos weerspieël word met die aanbieding van NAMPO Kaap,” sê dr Doyer. ●





## Teken gratis in op *SA Graan/Grain*

*SA Graan/Grain*-redaksie

*SA Graan/Grain* is jou aanlyn kompas vir die volhoubare produksie van graan en oliesade in Suid-Afrika. Hierdie uitsonderlike landboupublikasie voorsien jou van die nuutste landbouinligting gebaseer op relevante navorsing, tegnologie, produksietegnieke en kundigheid.

Nie net word die tydskrif maandeliks in drukformaat gelees nie, maar al hoe meer lesers vind dit gerieflik om die aanlyn platform, *sagrainmag.co.za*, te besoek. Bly verder ingelig deur *SA Graan/Grain* op ons sosialemedia-platforms op Facebook, Instagram, X en LinkedIn te volg.

### Kry jou kopie

Om *SA Graan/Grain* óf in jou posbus óf per e-pos te ontvang, teken gratis in deur *sagrainmag.co.za* te besoek of skandeer die QR-kode. ●

# NAMPO Kaap floreer danksy *plaaslike ondernemingsgees*

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Volgens Derek Mathews, voorsitter van Graan SA, gaan NAMPO Kaap jaarliks van krag tot krag en is die volgehoue sukses van hierdie unieke plattelandse landbou-ekspo hoofsaaklik te danke aan die volgehoue inisiatief en ondernemingsgees van die plaaslike Bredasdorp-gemeenskap. "Hiervoor verdien hulle 'n pluimpie!"

"Vir Graan SA is dit dan ook 'n voorreg om die handelsnaam NAMPO met hierdie suksesverhaal te verbind tot voordeel van die Bredasdorp-gemeenskap en -kontrei en in besonder vir ons Graan SA-lede in die Wes-Kaap," het Mathews bygevoeg.

"In teenstelling met graanprodusente in die noorde, maak boerdery-aktiwiteite en afstand dit dikwels moeilik vir Wes-Kaapse graanprodusente om 'n besoek aan die NAMPO Oesdag by Bothaville te bring. Met die aanbied van NAMPO Kaap in die Overberg kan Graan SA-lede in die Wes-Kaap ook deel in die voordele van 'n landbouskou van formaat. 'n Verdere voordeel is dat 'n program en uitstallings wat meer gefokus is op die behoeftes wat eie is aan graanprodusente in die Wes-Kaap, aangebied kan word.

*Danksy hierdie platform word daar binne die gemoedelike en informele atmosfeer fluks besigheid gedoen*



**Derek Mathews, Graan SA-voorsitter.**

"NAMPO Kaap bied ook die voordeel dat landbouprodusente op een sentrale plek en op een dag blootgestel kan word aan die nuutste dienste en tegnologie wat hulle kan aanwend om volhoubare en winsgewende landbouproduksie te bevorder.

"Verder dien NAMPO Kaap as 'n ekonomiese inspuiting vir Bredasdorp self asook vir die landbou-ekonomie in sy geheel. Danksy hierdie platform word daar binne die gemoedelike en informele atmosfeer – wat eie aan 'n landbou-ekspo is – fluks besigheid gedoen deur diensverskaffers en besighede vanuit die volle landbouwaardeketting.

"Wat 'n besoek aan NAMPO Kaap egter veral die moeite werd maak, is die geleentheid wat dit skep om tussen al die uitstallings 'n verrykende dag saam met jou familie deur te bring, blad te skud met ou kennisse en nuwe vriendskapsbande te smee," het Mathews afgesluit. ●



# Hele stroperreeks op Bredasdorp Park te sien

**Jaco du Preez,** New Holland

New Holland is reg vir NAMPO Kaap. Ons gaan weer seker maak dat die indrukwekkende tentoonstelling van masjinerie op standplaas 71, 72, 73, 76, 77 en 78 die maatskappy se toewyding weerspieël om deel te vorm van enige boerderypraktyk en die ontwikkeling daarvan.

Kom besoek ons gerus om die nuwe produkte te besigtig en met ons te gesels. Die volgende nuwe produkte sal uitgestel word:

Met die nuwe T7 HD voeg New Holland die eerste Stage V-trekker tot die reeks toe. Een van hierdie modelle, die T7.315 HD-trekker, gebruik die ECOBlue™ HI-eSCR 2-stelsel (*selective catalytic reduction*) om uitlaatgasse te verminder. Dié innoverende nábehandelingstelsel is 'n onderhoudsvrye oplossing wat bedryfskoste laag hou.

Die Auto Command™- deurlopend veranderlike transmissie (CVT) dra by tot die doeltreffende werking. Dit is verder toegerus met PLM Intelligence™, wat die IntelliView™-12-skerm en SideWinder™ Ultra insluit. Die ontwerp is dus soortgelyk aan die T8- en T9-trekkerreekse, wat die operateur se werk vergemaklik omdat dit eenvormig is. Telematika is standaard saam met die outomatiese stuurstelsel, met die RTK-sein-opsie. Daar is baie ander standaardvoordele, soos kajuit- en voorsuspensie, LED-ligte, hoë hidrouliese vloei, hoë hyserkapasiteit en die Blue Power-verf en -ontwerppakket.

## Stroperreeks

Ons gaan hierdie jaar die hele stroperreeks ten toon stel. Die CR6.80 is nie nuut nie, maar wel nuut in die Kaap. Dit het die 17-duim-dubbelrotorsisteem soos die gewilde CR7.90, maar net met minder krag en funksies – dus 'n stroper wat die werk kan doen én nie te veel kos nie. Daar is vierwieldryfeenhede beskikbaar indien benodig.

'n Nuwe CR9.90 gaan daar wees om te wys wat die toekomstige veranderinge behels. Die PLM Intelligence-stelsel is nou deel van hierdie stroper ook, en dit bied nou eenvormigheid tussen die T9-, T8-, T7 HD-trekkerreekse en die SP-spuite. Dit het al die funksies wat beskikbaar is, soos die IntelliSense-stelsel, sodat ons kan wys hoe dit vir jou boerdery kan werk. Die dubbelrotorsisteem van New Holland word nou al vir 49 jaar ontwikkel en werk optimaal om jou geld te bespaar. Hierdie stropers kan meer as 50 verskillende gewasse stroop.

New Holland ondersteun tegnologiese vernuwing om nie net die werksaamhede van sy kliënte te vergemaklik nie, maar ook die omgewing te beskerm sodat boerdery nog lank kan voortgaan. Werktuie word nie net vir groter gerief ontwikkel nie, maar vir doeltreffendheid in alle opsigte.



Die nuwe T7 HD is die eerste Stage V-trekker in die reeks en gebruik die ECOBlue™ HI-eSCR 2-stelsel (*selective catalytic reduction*) om uitlaatgasse te verminder.

Die T6.180-metaangastrekker van New Holland is die eerste trekker ter wêreld wat 100% metaangas-aangedrewe is – en is die sleutel tot $CO_2$-vermindering sonder om werkverrigting in te boet. Produsente kan landbou- of diere-afval asook spesifiek gekweekte energiegewasse gebruik om biometaan op te wek. Dit sal die trekker aandryf wat op sy beurt help om daardie einste gewasse te verbou. Met dieselfde kraglewering as sy dieselekwivalent is die bedryfskoste boonop sowat 30% minder. Met biometaan is $CO_2$-vrystellings byna 0%. New Holland bied dus 'n ekovriendelike oplossing vir die produsent, aangedryf deur die natuur.

In die tent sal die winkel wees waar jy jouself kan kom toerus met New Holland-handelsware en -klere. Die IntelliCentre- en FieldOps-afdelings sal beskikbaar wees om jou in te lig en te help met jou boerdery-innovering.

Daar sal weer verskeie spesiale aanbiedings wees, so hou die media dop vir verdere inligting hieroor. ●

*Vir meer inligting besoek www.newholland.com/za.*




Die **New Holland-span** sien uit om jou tydens **Nampo Kaap** bekend te stel aan die **nuwe T7 HD-** en **T6.180 MP-trekkers**, asook die **volledige CR-Stroperreeks** wat die CR6.80, CR7.90 en CR9.90 insluit.

NAMPO KAAP | CAPE
**11 - 14 SEPTEMBER 2024**

Sedert 1895 is New Holland daartoe verbind om oplossings te bied wat boerderydoeltreffendheid en produktiwiteit verbeter deur toeganklike tegnologie te gebruik. New Holland bied 'n wye keuse van maklik-om-te-gebruik trekkers, stropers, balers, materiaalhantering en hooi- en weidingstoerusting en is leiers in presisiegrondbestuur-tegnologie. Doeltreffende onderdele- en diensondersteuning, asook pasgemaakte finansieringsdienste help om die werk gedoen te kry.

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel:

Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo
Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal en Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

Vir huidige aanbiedinge
besoek newhollandag.co.za

Volg ons op

www.newholland.com/za

**NEW HOLLAND**
**SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN**

Tindrum 24/134R

# Vyf goeie redes om die vyfde NAMPO Kaap by te woon




NAMPO Kaap bied die geleentheid om nuwe masjinerie en tegnologie bekend te stel.



**Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker**

NAMPO Kaap word vanjaar vir die vyfde keer aangebied. Die groeiende besoekerstal en aansoeke van nuwe uitstallers wys dat dié geleentheid reeds 'n hoogtepunt op die landboukalender in die Wes-Kaap is. Die organiseerders het behoorlik kopgekrap om te verseker dat soveel as moontlik van die 330 nuwe aansoeke in die beskikbare uitstalruimtes geakkommodeer kan word.

## 1. Meer tegnologie om te sien

Vir 2024 is 'n totaal van 38 addisionele 15 m x 20 m-uitstalruimtes op die terrein langs die proefpersele ingerig. Daar word jaarliks nuwe masjinerie en tegnologie bekendgestel, en volgens Henk Aggenbach, voorsitter van die Bredasdorp Park-direksie, kan nuwe uitstallers danksy die vergrote uitstalarea met gemak gehuisves word.

## 2. Vier 'n geskiedkundige gebeurtenis

Hierdie jaarlikse skou het eintlik in 1994 as die Suid-Kaap Meganisasiedag begin. Dit is dus die 30-jarige herdenking van hierdie geskiedkundige gebeurtenis wat as 'n demonstrasiedag in Februarie by Nacht Wacht aangebied is met slegs 'n klompie uitstallers. Dit is altyd die dag voor die skou aangebied, maar toe die gewildheid van die demonstrasiedag bly groei, het die komitee besluit om dié dag op sy eie voete te laat staan. Hulle het die terrein wat nou as Bredasdorp Park bekendstaan, bekom en ontwikkel.

Dit was vir die komitee van die Meganisasiedag belangrik om tred te hou met die ontwikkeling van toerusting en om hul demonstrasies daarby aan te pas. Sedert sy ontstaan was dit ook vir NAMPO Kaap belangrik om vir produsente en die gemeenskap 'n platform te skep wat innovasie, tegnologie en netwerkgeleenthede bied.

As jy in geskiedenis belangstel, moet jy die **Museumtent** besoek waar 21 Wes-Kaapse museums besoekers gaan wys hoe dinge in toeka se dae gedoen is.

## 3. 'n Moet vir diereliefhebbers

Buiten vir al die plaasdiere wat besigtig kan word, kan diereliefhebbers ook uitsien na 'n **skaaphondekspo**.

- Wanneer: Woensdag 11 September tot Vrydag 13 September
- Waar: In die BKB-veesentrum

Die wêreldberoemde Suid-Afrikaanse Lipizzaners sal daagliks hul passies uitvoer op die maat van bekende musiek.





Diereliefhebbers kan ook uitsien na 'n skaaphondekspo.



Die jaarlikse Overberg-streekjeugskou vind plaas op Saterdag 14 September.

Die blommerangskikkings in die Voermol-saal stel nooit teleur nie.




- Wat: Die program behels lesings, demonstrasies en kompetisies en word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Skaaphond-vereniging aangebied.

*Vir 2024 is 'n totaal van 38 addisionele uitstalruimtes op die terrein langs die proefpersele ingerig*

Onthou dat die wêreldberoemde Suid-Afrikaanse **Lipizzaners** weer daagliks hul passies gaan uitvoer op die maat van bekende musiek.

## 4. Opwindende kompetisies op die program

- Die finaal van die jaarlikse **Nasionale Toyota Jong Afslaerskompetisie** word op Vrydag 13 September gehou, en tydens dié geleentheid sal die skaaphondveiling plaasvind.
- 'n Boer maak mos 'n plan. Maak seker jy gaan kyk na die inskrywings van die jaarlikse **Boereplanne-kompetisie** waar unieke oplossings vir alledaagse landbouprobleme aangebied word.
- Die jaarlikse **Overberg-streekjeugskou** vind plaas op Saterdag 14 September. Leerders kan inskryf vir die volgende klasse: suiwelbees, vleisbees, vleisskaap, wolskaap, veselbok, melkbok, vleisbok, pluimvee, perd, konyn, duif, kulinêre kuns, suiwelbereiding en fotografie. Seuns en meisies tot 17 jaar neem deel in drie ouderdomsgroepe: junior-junior (5 tot 9 jaar), junior (10 tot 13 jaar) en senior (14 tot 17 jaar).

## 5. 'n Skouspel van Kaapse blomme

- Marjolijn Malan se indrukwekkende **blommerangskikkings** in die Voermol-saal stel nooit teleur nie. Kom kyk gerus na hoe blomme in beelde omskep word.
- Die **Overberg-fynbosuitstalling** in die Neptun-saal, onder leiding van Jan Hagen, gaan weer die asems wegslaan. Jan belowe dat vanjaar se uitstalling gaan verras. Beplan dus jou voetslaan só dat jy 'n teepouse neem in die blommeparadys.

Vir die rose wat Bredasdorp Park kom besoek, is daar weer 'n vroueprogram om na uit te sien. Besoek gerus ook die gewilde NAMPO Kaap-instapskoonheidsalon en word van kroontjie tot toontjie bederf. ●




**FOR 70 YEARS, WILLARD BATTERIES HAS BEEN AN INTEGRAL PART OF A FARMER'S LIFE.**

Whether ploughing, sowing or harvesting under the African sun, generations of farmers have relied on Willard batteries to provide them with the power to keep feeding our nation. Designed specifically for the demanding requirements of the agricultural industry, Willard batteries are renowned for their durability and reliability, making them the ideal choice for various agricultural applications.

**WILLARD. A LEGACY CELEBRATED.**




CELEBRATING 70 YEARS OF EXCELLENCE

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY

# From humble beginnings to a national icon

**Greg Sander,** on behalf of Willard

Few names in the automotive parts aftermarket carry the weight and legacy of Willard Batteries, a proud subsidiary of the AutoX group. Marking seven decades of existence, this isn't just another battery brand. It embodies durability, resilience, and a relentless pursuit of excellence. Known for its roots in the local market, Willard has made a name for itself by offering a wide array of batteries to meet diverse needs.

Starting its journey back in 1954, Willard Batteries has evolved into a significant player in the automotive sector. Throughout these 70 years, the brand has navigated the shifting landscape of the auto industry, embracing technological advancements and responding to market trends. Today, it is synonymous with unwavering quality, reliability, and forward-thinking innovation.

## Accolade awarded

Willard's recent honour of receiving the prestigious South Africa's Best Brand certification for 2024, reflects its unwavering commitment to excellence. This accolade stands as a testament to its dedication to brand building and marketing and is recognised as such by respected organisations in the global marketing arena.

Endorsed by the esteemed World Marketing Congress, CMO Global, and World Federation of Marketing Professionals, the South Africa's Best Brand Awards aim to spotlight and celebrate exceptional brand development and marketing endeavours by organisations across South Africa. This independent brand recognition initiative seeks to acknowledge brands and organisations that have distinguished themselves through innovative and effective marketing practices, resonating with consumer preferences and achieving extraordinary success.

With decades of expertise under its belt, Willard Batteries has become a trusted brand among consumers and businesses. The company's steadfast commitment to excellence has been a cornerstone of its enduring success in a highly competitive market.


Willard Batteries clinches Best Brand certification for 2024.

A major factor behind the brand's continued prominence as a leading AutoX brand is its broad market appeal. Offering a diverse line-up of batteries tailored to various applications, it ensures that customers from all walks of life find the ideal power solution.

*The company's steadfast commitment to excellence has been a cornerstone of its enduring success*

Whether it's for personal vehicles, commercial fleets, or recreational machines, Willard provides the power to keep things running smoothly. From family cars to heavy-duty trucks and leisure vehicles, these batteries are designed to meet every requirement.

But the impact goes beyond the standard automotive sector. The brand has made significant inroads into specialised industries like mining and agriculture. In these challenging environments, where dependability is critical, they have proven their reliability, delivering consistent and powerful performance.

One of their distinguishing features is their ability to endure the harsh local conditions. South Africa's varied climate and rugged terrains demand robust batteries, and they rise to the occasion. The brand's focus on engineering batteries that thrive under extreme conditions sets it apart from the competition.

Each battery undergoes rigorous testing to ensure it can handle temperature fluctuations, vibrations, and other challenges that come with diverse driving environments. This dedication to quality means the batteries not only meet but often exceed consumer expectations, making them the go-to choice for those who need dependable performance in all situations.

## Community engagement

The brand's achievements extend beyond its products; it is also known for its community engagement. This commitment to social responsibility is woven into the fabric of their identity, reflecting a genuine desire to make a positive impact on society.

The company has participated in various community initiatives, from educational programs to environmental conservation efforts. By investing in local communities, it aims to create lasting positive effects and enhance the well-being of those it serves.

In addition to its community efforts, Willard Batteries is committed to sustainable practices. The brand emphasises eco-friendly manufacturing processes and responsible recycling of used batteries, recognising the importance of environmental stewardship and striving to reduce its ecological footprint.

As they celebrate 70 years, it stands as a beacon of quality, innovation, and community involvement. From its humble beginnings to becoming a national icon, Willard's ability to adapt, evolve, and consistently deliver outstanding products is a testament to its enduring success. ●

*Visit www.willard.co.za or Willard Batteries' Facebook page for more information.*

# Skaaphonde maak hul debuut op Bredasdorp Park

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Daar word met groot opgewondenheid uitgesien na die skaaphondprogram wat vir die eerste keer by NAMPO Kaap aangebied word. Die publiek sal die Woensdag, Donderdag en Vrydag die geleentheid hê om hierdie besonderse honderas in die BKB-kleinveesentrum in aksie te sien. Die hele gesin en spesifiek hondeliefhebbers word uitgenooi om die vertonings by te woon om sodoende eerstehands 'n skaaphond se unieke kwaliteite in aksie te sien.

Skaaphonde word dikwels as die intelligentste van alle huishoudelike honde beskou. Hulle is gehoorsaam, uiters energiek, akrobaties en atleties. Wêreldwyd word hulle daagliks benut in die hantering van vee. Al hierdie uitnemende eienskappe sal vir seker na vore kom tydens die aanbied van die program. Hier is 'n voorsmakie van enkele items wat skougangers tydens die program te wagte kan wees:

- Skougangers sal kan luister na kommentaar oor hoe om 'n skaaphond te kies, hoe om hom op te lei asook watse voeding om te gee en watter medikasie om toe te dien.
- Daar sal daagliks vertonings gelewer word om opgeleide skaaphonde se bruikbaarheid op die plaas te vertoon, soos byvoorbeeld in die drukgang en om skape af te keer en aan te jaag.
- Die flinke wyse waarop hulle op reageer, sal ten toon gestel word.
- Skaaphonde met topstamboeke sal van nader beskou kan word.
- Daar sal daagliks kompetisies gehou word waartydens 'n plaaswerker en sy skaaphond hul vernuf kan toon.
- Tydens die jongafslaerskompetisie gaan daar 'n skaaphond opgeveil word.



**Skaaphonde beskik oor indrukwekkende vaardighede en intense fokus waarmee hulle meesterlike beheer oor 'n trop skape kan uitoefen, ongeag die terrein of weersomstandighede.**

Vir diegene wat daarin belangstel om self die eienaar van 'n skaaphond te word, sal daar geleentheid wees om meer besonderhede in dié verband te kry. Besoek gerus die Suid-Afrikaanse Skaaphondvereniging (SASDA) se stalletjie om met 'n kenner te gesels. Danksy die hoofborgskap van Optimizor is SASDA in staat om hierdie interessante en veelsydige program oor skaaphonde aan te bied. BKB tree ook as 'n borg op. ●

*Vir enige navrae kontak Pippa Philip, nasionale sekretaresse by SASDA, by 078 439 0329 of ajfp@isales.co.za.*



**'n Skaaphond se lojaliteit en toewyding maak hom 'n ware vriend van 'n produsent.**

# The OUTDOORS made easy

Samantha Paterson, Stihl

The Stihl team is looking forward to the NAMPO Cape event and displaying a range of brand-new products including the just-launched telescopic lance solar panel cleaner.

Stihl has a diverse selection of domestic and professional tools to help get things done quickly, easily, and efficiently. From powerful handheld and backpack blowers to blow clean machinery, lawnmowers, workshops and shed floors (as well as being a vital part of a fire management programme during fire season) to the new telescopic lance to attach to high-pressure cleaners, Stihl has the tools you need.

*Stihl has a diverse selection of domestic and professional tools to help get things done quickly*

The telescopic lance has an adjustable length from 1,57 m to over 4 m and an easy-to-alter operating angle, perfect for removing leaves and dirt from solar panels (which can reduce efficiency by up to 25%) and for cleaning large sheds, high windows, roofs and overhangs.

Also at the show will be the robust, uncomplicated Farmers' Range – ideal for both small-scale producers and professional agricultural operations for numerous chores. Economical to operate, with compatible spares across most units for convenience and reduced downtime, the range includes:

- The Stihl BT 230 auger for drilling holes for fencing or support posts;
- the Stihl WP 230 mobile water pump to get water to fields and livestock;
- the Stihl SG 230 petrol-powered, portable sprayer for spraying crops with herbicides and pesticides;
- the Stihl BC 230 cultivator for tilling prepared soil, weeding in rows, etc.; and
- the Stihl FS 230 brushcutter for tackling overgrown grass and vegetation. ●

*The Stihl team is keen to highlight their latest products plus favourite top-sellers at NAMPO Cape. See you there.*

tayloredwright_SG17732_E






## COME AND MEET THE STIHL FARMERS' RANGE

Come and experience the STIHL Farmers' Range at NAMPO Cape. This hard-working range features essential tools for agriculture, including:

- the SG 230 portable petrol sprayer
- the WP 230 water pump
- the BT 230 auger
- the BC 230 cultivator
- the FS 235 brushcutter, and
- the MH 610 and MH 710 tillers, designed for small-scale farmers.

These tools are tough, simple to operate, with spares that are compatible across most models for minimal downtime.

**Visit us at Outside Stand 53. Our friendly team is waiting to meet you and walk you through our range of domestic and professional products.**

VISIT OUR STAND AND
**STAND IN LINE TO WIN!**

facebook.com/stihlsa www.stihl.co.za instagram.com/stihlsa




Our Agri Range, Partnering with Agriculture for over 60 years

Visit us at NAMPO Cape Expo, Bredasdorp Park, Stands 13/38 from 11-14 September 2024.

TotalEnergies

SCAN HERE

AGRI RANGE

# KRY DIE NODIGE INLIGTING HIER

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Met die NAMPO 2024-toep asook hierdie *NAMPO Kaap-gids* wat saam met die Augustus-uitgawe van *SA Graan/Grain* versprei word, word jou NAMPO Kaap-ervaring sommer baie vergemaklik.

## In die palm van jou hand

Vanjaar word dieselfde toep (NAMPO 2024) vir al die NAMPO-geleenthede gebruik. Die toepassing is deur FarmSpace ontwikkel en is met groot sukses tydens die NAMPO Oesdag in Bothaville gebruik. Laai solank die NAMPO 2024-toep gratis af by Google Play Store vir Android-selfone of by die App Store vir Apple-gebruikers. As jy dit reeds afgelaai het, moet jy net die toepassing opdateer – jy het nie 'n nuwe een nodig nie!

Die toepassing is volgepak met alles wat jy nodig het om die skou te geniet:

- Span die **navigasiefunksie** in om maklik jou pad deur die skouterrein te vind.
- Gebruik die **uitstallersinligting** om vinnig belangrike besonderhede soos standplase, uitstallersruimtes en produklyste op te spoor.
- Beplan jou dag met die ingeboude **dagbeplanner** en stel herinneringe vir die werkswinkels of gesprekke wat jy nie wil misloop nie.
- Die **kontakuitruilfunksie** maak dit maklik om met ander skougangers en uitstallers te netwerk.

Let daarop dat die finale NAMPO Kaap-inligting eers nader aan die ekspo beskikbaar sal wees.

## Op sosiale media

Sosialemedia-platforms is beslis die maklikste manier om kraakvars inligting te bekom.

- NAMPO Kaap se Facebook-blad (*www.facebook.com/NampoCapeKaap*) asook die Instagram-blad sal deurlopend hoogtepunte aan hul volgers beskikbaar stel. Deel sommer jou eie NAMPO Kaap-belewenisse ook hier.
- Skakels na YouTube-video's van NAMPO Kaap 2024 kan ook op die sosialemedia-platforms gesien word.

Volgens Alzena Gomes van Graan SA se skakelafdeling sal die volledige dagprogram met al die jeug-, jongmens- en leergeleenthede so gou moontlik op NAMPO Kaap se Facebook-blad geplaas word. Sy nooi dus almal wat jonk en leergierig is om die sosiale media fyn dop te hou.

## Of soek dit hier

Daar is egter ook ander platforms wat jou op hoogte van sake sal hou. Plaas Media, die hoofmediaborg van die ekspo, sal volledige inligting bekend stel.

- Programinligting, hoogtepunte en ander belangrike inligting sal op *www.nampo.co.za* beskikbaar wees. Besoekers aan die webtuiste sal ook regstreeks na NAMPO Kaap 2024 se eie inligtingsplatforms gelei word.




**Laai die NAMPO 2024-toep af by Google Play Store vir Android-selfone of by die App Store vir Apple-gebruikers.**

*Span die navigasiefunksie in om maklik jou pad deur die skouterrein te vind*

- Lede van Graan SA, die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) asook die Melkprodusente-organisasie (MPO) sal nader aan die skoudatum alle reëlings en beskikbare inligting deur middel van e-pos ontvang.
- Hou gerus die bekende hoofstroom- en bedryfsgefokusde publikasies, Wes-Kaapse dagblaaie en gemeenskapskoerante dop.
- Caledon FM (*www.caledonfm.co.za*, 103.7FM in Bredasdorp, 89.3FM, 99.3FM en 107.3FM in die Overstrand) en Radio Overberg (*www.radiooverberg.co.za*, 101.8FM) is plaaslike gemeenskapsradiostasies wat tydens NAMPO Kaap regstreeks vanaf Bredasdorp Park sal uitsaai. ●

# ONTDEK DIE SJARME van die PLATTELAND

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Al gaan baie kleiner dorpe in die grootste gedeelte van Suid-Afrika agteruit, bied die plattelandse gasvryheid van klein dorpies in die Wes-Kaap 'n rustigheid waar jy kan ontsnap van die stadslewe se vinnige pas.

Indien jy besoek gaan bring aan NAMPO Kaap, bied Bredasdorp heelwat om te doen. Besoek gerus die Skeepswrakmuseum wat 'n uitgebreide versameling van artefakte en meubels het van skepe wat langs die kus gesink het. Een van die kamers in die museum is 'n huldeblyk aan die Suid-Afrikaanse skrywer, Audrey Blignault, wat in Bredasdorp gebore is. Daar is ook geskiedkundige kerkgeboue, kunsgalerye en handwerkwinkels wat jou nog meer oor die dorp kan leer.

## Ontdek die unieke sjarme van dié dorpe

Indien Bredasdorp se akkommodasie vol bespreek is, kan jy gerus verblyf soek in een van die omliggende dorpies (wat binne 90 km van Bredasdorp geleë is) waar vars lug, die ongerepte natuurskoon en geskiedkundige geboue jou heerlik gaan laat ontspan.

**Napier se sonwyser is die enigste vertikale een in die land.**




***Napier***

- Afstand van Bredasdorp: 16,5 km
- Bekend vir: Eg plattelandse atmosfeer
- Besienswaardighede: Plaaslike kerk se argitektuur en kiaatinterieur, eeueoue kothuise, 'n monument ter herdenking aan die pioniers, 'n watermeul en 'n geskiedkundige sonwyser asook die "Moerse Padstal"

**Waenhuiskrans se grot is een van Arniston se groot toeriste-aantreklikhede.**



***Arniston/Waenhuiskrans***

- Afstand van Bredasdorp: 23,7 km
- Bekend vir: Die enigste dorpie in Suid-Afrika wat tot nasionale monument verklaar is en twee amptelike name het.
- Besienswaardighede: Die grot wat slegs vir 'n uur of twee toeganklik is met laagwater.

***Struisbaai***

- Afstand van Bredasdorp: 31 km
- Bekend vir: Wit strand wat oor 14 km strek.
- Besienswaardighede: Die strand en klein hawe



**Struisbaai se pragtige 14 km-strand.**



Een van Swellendam se besienswaardighede, die indrukkende wit kerk.

### *Swellendam*

- Afstand van Bredasdorp: 71,2 km
- Bekend vir: Historiese geboue aan die punt van die Afrika-kontinent
- Besienswaardighede: Bontebok Nasionale Park, Marloth-natuurreservaat, Grootvadersbosch, negeputjiegholfbaan met die Langeberge as agtergrond, wateraktiwiteite op die Buffeljagsdam

### *Elim*

- Afstand van Bredasdorp: 37 km
- Bekend vir: Fynbos
- Besienswaardighede: Eenvormige, witgekalkte vissershuisies, Elim-erfenissentrum en die Nuwejaarsvleiland-bestuursgebied

### *Kaap Agulhas*

- Afstand van Bredasdorp: 37,9 km
- Bekend vir: Suidelikste punt van die Afrika-kontinent
- Besienswaardighede: Historiese rooi-en-wit ligtoring en die Agulhas Nasionale Park

### *Gansbaai*

- Afstand van Bredasdorp: 78,3 km
- Bekend vir: Withaaie en haaihokduik (*shark cage diving*)
- Besienswaardighede: Klipgatgrot, Dyer Island

Fernkloof-reservaat by Hermanus bied plek vir stap- en fietsrygeesdriftiges.



### *Hermanus*

- Afstand van Bredasdorp: 87, 2 km
- Bekend vir: Walviskyk en toeristebestemmings
- Besienswaardighede: Fernkloof-natuurreservaat met meer as 1 600 geïdentifiseerde spesies inheemse fynbos met stap- en fietsryroetes en meer as 92 voëlspesies



Die bekoring van kanolatyd in die Overberg.

## Vir meer inligting

Hierdie dorpe bied nie net huisvesting nie, maar ook 'n verskeidenheid eetplekke en besienswaardighede. Vind meer uit by die Kaap Agulhas-toerismekantoor (028 424 2584/082 896 2225) of skandeer die QR-kode vir meer inligting. ●

# Equipment that works for you

**Anna du Plessis,** Falcon

We are thrilled to introduce a variety of new implements from Falcon. Our theme this year – "works for you" – is well suited for what we have added to our range.

## New on our stand

The Falcon Bale Grab is the newest addition to our line-up. With a height of 2,1 m between the lower and upper tines, it boasts capacity for three big pack bales in one grab. Introducing a redesigned hinge mechanism to reduce wear, and attachment options to either JCB or Wacker Neuson telehandlers, the Falcon Bale Grab is your ideal bale-handling solution.

At 2,1 m wide, the Falcon Tilt Flail Mower provides an optimal cutting width for a variety of applications, especially the narrow row widths of high-value crops. It features a retractable cutting offset of 350 mm from the hitch centreline, which extends up to 3 200 mm. With a tilt range of 65° downward to vertical upward, this implement ensures precise cutting and adaptability to different terrains.

## New and available at Falcon

Amazone sets new standards with the ZG-TX. Both granular mineral fertilisers and earth-moist limes can be applied precisely through one machine (Isobus) by means of a simple conversion between the TS spreading system and the newly developed spreading unit for lime. The ZG-TX combines the advantages of the precise TS spreading system with its disc-integrated AutoTS for optimum border spreading results and maximum efficiency when using lime.

Amazone now offers the Tyrok 400 semi-mounted reversible plough, with unique advantages for your farm. Maximum speed with minimum wear – all thanks to the new SpeedBlade plough bodies. The new models are offered with a choice of six to nine furrows for tractors of up to 400 hp. The new sturdy, rectangular profile beam ensures a constant working depth over the full width.

With the Cayros plough range, Amazone offers a mounted plough in two to six furrows. With a comprehensive range of optional equipment available, Amazone ploughs always provide the right solution for any type of application, even under diverse conditions. ●

*For more information visit us at our NAMPO Cape stand (167 and 168).*



# New implements for all farm sizes on show

**Anna du Plessis,** Staalmeester

This year the stand of Staalmeester, established in 1951 and a preferred and reliable mechanisation partner, boasts four brand-new implements for all farm sizes.

**Enorossi Bale Wrapper** – The BW 150 model is a static machine with three-point hitch driven by a hydraulic motor.

- Bale loading: semi-automatic;
- film cut semi-automatic electronic;
- bale centring on rollers semi-automatic;
- controls: tractor distributor;
- electronic gears counter; and
- bale vertical tipping.

**JF Spin 3000 Rake/Tedder** – The JF Spin 3000 Rake and Tedder offers all-in-one equipment for quality hay making, featuring the following:

- An adjustable tine system;
- easy change of raking and tedding functions without tools;
- the safety system locks rake when in hanging position; and
- tedder adjustment through tire height and rotor inclination.

**JF 1150 AT** – The JF 1150 AT is great for using with higher power tractors and harvesting dense crops like sugar cane and tropical grasses. It has the following features:

- The DURAMAX concept with larger cutterhead and heavier duty transmission for higher capacity, higher resistance and longer durability;
- a +PRO Kernel processor;
- "C" Technology patented blades; and
- 12 chop sizes.

It harvests two rows at a time with row spacing of 75 or 91 cm (in maize and sorghum).

**JF Maestro 600 Fertiliser Spreader** – A pendulum spreader especially designed for the uniform distribution of granular fertilisers, seeds and dry limestone. It features the following:

- Easy maintenance and calibration, maintaining performance on sloping fields;
- a hopper capacity of 600 litres, built-in virgin polyethylene free of oxidation, easy maintenance and cleaning;
- a pendulum and distribution cone made of nylon fibre, avoiding oxidation; and
- a shaker system with oscillating motion. ●

*For more information visit Staalmeester at https://www.staalmeester.co.za/.*


CONTACT US TO FIND YOUR NEAREST AGENT

Hendri de Korte + 27 62 392 1748 (KwaZulu-Natal, Eastern Cape, Gauteng, Western Cape and Exports)
Tanya Beyers + 27 66 190 7408 (Northern Cape & North West & Free State)
Leonard Olivier + 27 82 888 1877 (Limpopo & Mpumalanga)
Spare parts +27 18 431 0300

Staalmeester

HEAD OFFICE 2 Coetzee Street, Hartbeesfontein | PO Box 71, Hartbeesfontein, 2600
+ 27 18 431 2171/2 info@staalmeester.co.za www.staalmeester.co.za

Finance Available




Visit us this NAMPO Cape at stand 3!


ONS IS SLIM
MIELIES
Ons mieliekultivars is ontwerp met die plaaslike produsent in gedagte. Ons seleksie is gemik op nasionale geografiese liggings sowel as besproeiings- en kuilvoergefokusde saadprodukte. Maak jou keuse uit 'n wye reeks van wit- en geelmieliesaadbasters.
PIONEER®
GEMAAK OM TE GROEI™
Besoek ons webtuiste
CORTEVA™
agriscience
™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2023 Corteva.



# AKKERBOUPLOTTE
## GEE LEIDING VIR VERHOOGDE OPBRENGS

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Graanprodusente sal vir seker baat daarby vind om NAMPO Kaap by te woon danksy die verskeie akkerboudemonstrasies wat gehou sal word. Hierdie demonstrasies sal onder meer plaasvind onder die vaandels van Syngenta, Omnia, Agricol en AECI.

Produsente sal hier eerstehands kan sien hoe nuwe tegnieke en produkte in die praktyk gebruik kan word om 'n hoër opbrengs en winsgewendheid te bevorder. Waardevolle inligting sal oorgedra word wat gebruik kan word om meer ingeligte besluite te neem wanneer dit by die aankoop en implementering van die nuutste aanbevelings kom.

Lees gerus hier wat onder meer by die akkerboudemonstrasies te sien gaan wees.

### Omnia
Omnia het onlangs 'n nuwe suikergebaseerde biostimulantjelreeks vrygestel en het daarom besluit om hul nuwe blaarvoedingprodukreeks by NAMPO Kaap aan die publiek ten toon te stel. Produkte wat by Omnia se akkerboupersele beproef is, sluit in Midnight, Twilight en Dawn.

Die eerste gedeelte van die proef fokus op makro- en mikrovoedingstofbestuur in koring ten einde proteïenproduksie in koring te bevorder. Die tweede gedeelte van die proef sal fokus op die toediening van blaarvoedings vanaf vlagblaar- tot sagtedeegstadium met dieselfde doel.

### AECI Plant Health
Die doel van AECI Plant Health se proewe op Bredasdorp Park is om die NuWay-konsep op 'n praktiese manier te illustreer. NuWay is 'n holistiese benadering tot gewasproduksie gefokus op die verbetering van grondvrugbaarheid; verhoogde effektiwiteit van plantvoeding; die verhoging van plantenergie en plantweerstand asook optimale gewasbeskerming om sodoende oesopbrengste en -kwaliteit te optimaliseer. Die afgelope paar jaar se proewe het goeie resultate op oesopbrengste en positiewe wins op belegging gelewer.

Vanjaar is die hele perseel met koring geplant om die effek van goeie gewasrotasie van gars, kanola en dekgewasmengsels oor die jare asook grondregstellings en die toevoeging van biologie in die grond te demonstreer. Sekere sagter gewasbeskermingsopsies word op die perseel getoets asook 'n reeks breëblaaronkruiddoders en verskeie blaarvoedingsopsies.

Die volgende produkte is in verskillende proewe op die perseel gebruik:

- Vir grondregstelling – Dekompakt en Tiger 90
- Vir voordelige grondbiologiese saadbehandelings – Biocult Seedcoating en Rootguard
- Vir invoor-toedienings – Genie Dynamo en Genie Gro
- Vir spesifieke blaarvoedings – Rappid, Rappid K, Qwemikelp, Canola Feed en Grainfeed

### Syngenta
Syngenta gaan onder andere nuwe koringkultivars bekendstel en bestaande koringkultivars en gewasbeskermingsprodukte demonstreer.

#### *Saadkultivars*
- Die nuwe koringkultivar SST 0208 wat tans in finale produksiefase is en in 2025 beskikbaar gaan wees.
- Bestaande en nuwe koringkultivars teen verskillende plantdigthede en spuitprogramme. Dit sluit in SST 0208, SST 0187, SST 0166, SST 0117, SST 0147, SST 0127, SST 087, SST 056 en SST 015.
- Inligting oor die twee nuwe koringkultivars, SST0235 en SST 0236, vir die Wes-Kaap wat in 2023 vrygestel is, tans in die produksiefase is en moontlik in die 2026-seisoen beskikbaar gaan wees.
- Lupiene: Aanplanting van 'n nuwe kultivar, Coyote. Stroke met verskillende onkruidbeheer – met en sonder Metribuzin.
- Hawer: SSH 4185, SSH 4186, SSH 421 en SSH 405
- Voergars: SSG 066V en KWS Irina
- Rog: SSR 489
- Syngenta het ook vyf van SABBI se garskultivars aangeplant wat by dieselfde punt besigtig kan word (Hessekwa, Kadie, Bitou, Malgas & 13-041-03).

#### *Gewasbeskerming*
- Miravis® Aeon – Syngenta se premiumswamdoder (voorheen Miravis Neo) wat 'n nuwe baadjie aangetrek het vir swam- en siektebeheer op koring- en garskultivars.
- Verskeie swamdoderspuitprogramme van Syngenta op koring- en garsstroke in vergelyking met kompeterende programme.

#### *Digitale dienste*
Besoekers sal meer inligting kan bekom oor Syngenta se digitale dienste, naamlik die nuwe Cropwise Seed Selector. Dit vergemaklik die seleksie van saadvariëteite vir produsente deur die beste presterende variëteite vir die gegewe ligging aan te dui. Cropwise Operations laat produsente toe om elke land se potensiaal te ontsluit met hoëresolusie-satellietmonitering, tydige data en omvattende boerderybestuursfunksionaliteit.

### Agricol
Agricol gaan aan produsente die geleentheid bied om van hulle eksklusiewe produkreekse by NAMPO Kaap te besigtig. Die resultaat van die volgende produkte sal eerstehands besigtig kan word:

- Die nuwe toevoeging tot Agricol se koringkultivarpakket, IS Tordo.
- Topkanolakultivars sal uitgestal word.
- Verskeie dekgewasmengsels, kleingrane, voererte en lupiene sal te sien wees. ●

# Interaksie die wagwoord by NAMPO Kaap

**Magda du Toit,** namens Sensako

"Die Syngenta-span is reg vir NAMPO Kaap," sê Hendrik van Staden, eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Afrika.

"Ons doel by NAMPO Kaap is om die deur wyd oop te gooi sodat produsente met ons kan gesels oor ons huidige produkte, maar ook oor dié wat in die pyplyn is. Ons glo ons interaktiewe Syngenta-demonstrasieperseel sal produsente uit alle dele van die Wes-Kaap lok. Ons saad-, gewasbeskermings- en digitale personeel is daar om te gesels en om saam met die produsente deur die demonstrasieperseel te stap. Ons gaan ook die geleentheid gebruik om na ons kliënte te luister sodat ons hulle behoeftes beter kan verstaan."

## Koringkultivars

By die demonstrasieperseel kan produsente gaan kyk na nege koringkultivars wat teen verskillende plantdigthede geplant is. SST 0208 is 'n nuwe lang groeier wat die plek van SST 88 gaan inneem. SST 0208 is tans in die finale produksiefase en behoort binnekort beskikbaar te wees. Die twee kultivars met korter groeiperiodes, SST 0235 en SST 0236, is plaasvervangers vir SST 015 en SST 056 en behoort teen 2026 kommersieel beskikbaar te wees. Ander kultivars wat ook besigtig kan word, is SST 0208, SST 0187, SST 0166, SST 0117, SST 0147, SST 0127, SST 087, SST 056 en SST 015.

## Hawerkultivars

Produsente sal verder die geleentheid kry om met die span oor hawerkultivars te gesels. Op die perseel is SSH 4185, SSH 4186, SSH 421 en SSH 405 aangeplant, saam met vyf SABBI-garskultivars (Hessekwa, Kadie, Bitou, Malgas & 13-041-03) wat by dieselfde punt besigtig kan word.




**Maak gerus 'n draai by Syngenta se demonstrasieperseel op Bredasdorp Park.**

"NAMPO Kaap bied aan ons die geleentheid om die sinergie tussen die saad- en produkbeskermingsafdelings op kleingraan prakties aan besoekers te demonstreer," verduidelik Van Staden.

Klimaats- en omgewingstoestande kan geweldige druk op die ontwikkeling van saailinge plaas wat die uiteindelike opbrengs nadelig kan beïnvloed. Dit is dus belangrik om hierdie potensiaal en opbrengsbelegging uit die staanspoor met kwaliteitsaadbehandelingsprodukte te beskerm.

In die demonstrasies word drie verskillende Syngenta-saadbehandelings vir koring en gars gedemonstreer en met mekaar vergelyk.

## Saadbehandelings

CELEST® Top is die enigste geregistreerde saadbehandelingsmiddel teen *Fusarium* in Suid-Afrika. Volgens Van Staden is die voordele wat saadbehandeling teen wortelsiektes inhou, die rede waarom al die prebasis- en basiskoringsaad van die Sensako-handelsmerk in die komende seisoen met CELEST Top behandel gaan word.

Die verskillende spuitprogramme wat op die persele toegedien is se resultate is beskikbaar sodat die span dit met produsente kan bespreek. Miravis® Aeon (voorheen Miravis® Neo) – Syngenta se premiumswammiddel vir swam- en siektebeheer op die koring- en garskultivars – is op die perseel gebruik en produsente sal kan sien watter verskil dit aan die gewasse maak. Daar is ook 'n onbespuite gedeelte by elk van die onderskeie koringkultivars sodat die werking van Miravis Aeon behoorlik waargeneem kan word.

Aangesien die digitale gedeelte van landboubeplanning en -produksie al hoe belangriker word, word Syngenta se digitale dienste ook by NAMPO Kaap in die kollig geplaas. Cropwise Seed Selector vergemaklik die seleksie van saadvariëteite deur die beste presterende variëteit vir die gegewe ligging en vereistes te voorsien.

Cropwise Operations help produsente om elke land se potensiaal te ontsluit met hoëresolusie-satellietmonitering, tydige data en omvattende boerderybestuurfunksionaliteit. Cropwise Operations bied ook oesskattings deur die jaar wat die maatskappy help om die hoeveelheid beskikbare saad te bestuur. Dit is 'n omvattende program wat alle inligting rakende die boerdery op een platform vasvang en as 'n toepassing op fone sowel as aanlyn beskikbaar is. Produsente kan by die demonstrasieperseel meer hieroor te wete kom.

Die Syngenta-span wat die onderskeie afdelings by NAMPO Kaap sal verteenwoordig, is:

Saad (Sensako-kultivars) – Driecus Lesch; Saadbeskerming – Yolandi Furniss; Gewasbeskerming – Andries Duvenhage en Digitale Dienste – Pieter Burger.

"Ons sien uit na NAMPO Kaap 2024. Dit bly 'n voorreg om met ons graanprodusente, landboubesighede en Graan SA te gesels oor die uitdagings en moontlike oplossings vir volhoubare en winsgewende graanboerdery in die Wes-Kaap," aldus Van Staden. ●

SENSAKO

# Kom ons groei saam

Stel jou plantpakket saam uit die volgende SENSAKO-koringkultivars wat jaar na jaar uitstekend in die **wintergraanstreek** presteer.

- SST 0187 NUUT
- SST 0166
- SST 0147
- SST 015
- SST 056
- SST 0117

Met dié kultivars help ons jou om jou goeie planne om te sit in goeie opbrengs.







**Ons help jou groei – vandag en môre!**

syngenta

syngenta.co.za SENSAKO SENSAKO


Bethlehem +27 (0) 58 303 4690


**Omvattende** *Landboukundige* **Oplossings en Kundigheid**

Kynoch

# PRESISIEBOERDERY









- GRONDONTLEDING
- MONSTERNEMING
- VOEDINGSTOWWE
- HULPBRONBESTUUR
- GEWASBESTUUR
- AGRONOMIESE ADVIES
- OPBRENGSPOTENSIAAL
- GRONDVOORBEREIDING

**KONTAK ONS** 011 317 2000 www.kynoch.co.za

<< Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie >>

Kynoch Fertilizer (Pty) Ltd Reg No: 2009/0092541/07

# PRESISIEDIENSTE pasgemaak vir die Wes-Kaap

**John Tolmay, Adriaan Liebenberg, Marina du Plessis, Chris Burbidge, Renier Bothma, Hentie Cilliers** en **Chris Schmidt,** Kynoch

Produsente verbou gereeld produkte waarvan die kwaliteit direk aan prys gekoppel is (byvoorbeeld koring, gars en kanola). Dit is dus tot die produsent se voordeel om so ver moontlik produkte met 'n beter kwaliteit te produseer. Onderstaande oorsig handel oor die uitskakeling van onnodige risiko's, die identifisering van probleme (en potensiële probleme) en die behandeling daarvan.

## Grondchemiese opnames en presisie

Die gronde in die Wes-Kaap is welbekend vir die wisselvalligheid en groot veranderinge wat daar kan wees oor relatief kort afstande. Veranderinge in eienskappe soos tekstuur, helling, diepte, brakheid, vrugbaarheid en vele meer, skep dus uitdagings vir bestuur en ook vir die optimale toediening van kalk, gips en misstowwe volgens die behoefte en potensiaal van daardie verskeie grondtipes. Om hierdie verskillende dele van 'n land volgens die potensiaal van elke deel te bestuur, word akkurate meting van die verskille vereis en dit is waar presisiekaarte en -ontledings benodig word. Die term "presisieboerdery" het vir verskillende mense verskillende betekenisse. Die doel hiervan is om beter besluite en aksies te kan neem.

Landboupraktyke soos die gebruik van ammoniumbevattende stikstofkunsmis, die afskeiding van organiese sure deur plantwortels en die verwydering van basiese katione deur die gewas dra jaarliks by tot grondversuring in graanproduksiestelsels. In minimumbewerkingstelsels (soos wat algemeen in die Wes-Kaap gebruik word) kan die toediening van kalk lei tot stratifikasie van grondsuurheid oor tyd weens kalk se stadige beweging in die grondprofiel en die afwesigheid van grondbewerking om die kalk in te werk. Grondopnames in die Wes-Kaap het reeds bevestig dat stratifikasie volop is. In die Swartland spesifiek bevat 19% van die gronde 'n laag dieper as 5 cm waar die pH ongunstig is vir die produksie van koring, gars en kanola (Swanepoel *et al.*, 2021).

Alhoewel die hoëkwaliteit-verslae van die chemiese opname baie waardevolle inligting bevat en probleemareas duidelik uitwys, is inligting egter net só waardevol soos die aksies wat daarvolgens geneem word.

Met die neem van presisiemonsters kan daar akkurate kalkstrooikaarte opgetrek word om grondversuring teen te werk, oorbekalking te voorkom en die pH van die grond aan te pas om die opname van beskikbare voedingstowwe deur die gewas te optimaliseer. Produsente ervaar dat die gemiddelde kalkbehoefte met elke presisiesiklus afneem totdat 'n "onderhoudsvlak" bereik word waar net die versuring wat tussen die siklusse plaasvind, hanteer moet word. Oor tyd verbeter die voedingstatus van die grond, terwyl die insette benodig, verlaag word.

## Grondontledings

Die unieke produksie-omstandighede in die Wes-Kaap vereis addisionele kundigheid en ervaring as dit kom by monsterneming as gevolg van die hoë klipfraksies, vlak gronde, uitdagende topografie en eiesoortige produksiestelsels. Interpretasie van die grondontledings en die voorstelle vir regstellings verskil ook van die res van die land as gevolg van unieke ekstraksiemetodes asook eiesoortige kalk- en gipsbronne. Dit is om dié rede dat ervare en goed opgeleide landboukundiges 'n vereiste is wanneer regstellings in die streek aanbeveel word. In hierdie streek is die bestuur van mikro-elemente ook van kardinale belang en moet dit effektief in voorstelle aan die produsent aangebied word. Verskeie opsies is in dié verband beskikbaar.

Kynoch-landboukundiges is in staat om lande (of kampe) op presisiesagteware te merk en sodoende gewasgroei te volg deur middel van NDVI-beelde (*normalised difference vegetation index*). Dit is handig deurdat verskillende gewasgroeisones uitgewys kan word en deur die proses van veldondersoeke (*scouting*) kan die rede vir groeiverskille ondersoek word. Sodoende kan probleme en "potensiële" probleme vroegtydig geïdentifiseer en behandel word, indien nodig. Uitgemete gebiede se koördinate kan gebruik word in regstellings. ●



*Die Kynoch-landboukundige (saam met die Kynoch-bemarker) kan vir produsente waarde toevoeg en bestuur vergemaklik. Kontak gerus die landboukundige span in die gebied om meer te leer oor kalk- en gipsopsies asook presisiegrondmonsterneming en -dienste.*

## Bron

Swanepoel *et al.*, 2021. A history of conservation agriculture in South Africa. *South African Journal of Plant and Soil*, 01 - 06

# Geniet 'n FEES van smake

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

Of jy nou 'n avonturier is wat nuwe smake wil ontdek of eenvoudig net 'n heerlike tradisionele ete verkies, die kosstalletjies by NAMPO Kaap gaan voorsiening maak vir elke smaak en begroting.

Dit is die perfekte geleentheid om saam met vriende en familie te kom ontspan en 'n verskeidenheid lekkernye te geniet. Die kosstalletjies is oor die hele terrein versprei om seker te maak dat jy maklik die innerlike kan versterk wanneer die honger knaag.

Hier volg 'n voorsmakie van wat besoekers te wagte kan wees by NAMPO Kaap se kospotte:

- Vir die vleisliefhebber sal daar geurige, tuisgemaakte skenkelpastei bedien word in die Suideroord-tehuis vir Bejaardes se teetuin of as jy wildsvleisgeregte verkies sal Colin's Kudu Stall in jou behoefte voorsien. Bredasdorp Laerskool gaan sorg vir sappige Wagyu-burgers en Wyoming Spur sal ook burgers te koop aanbied.
- Tradisionele geregte is prominent op die spyskaart. As jy lanklaas aan pap en kaiings of melkkos gesmul het, is Sasha's Food Gallery die ideale besoekpunt vir jou.
- Vir 'n bietjie meer uitheemse smaak sal NewYorks Pizzaria pizzas verkoop.











- Diegene met 'n soettand sal ruim geleentheid hê om aan pannekoek, stroopsoet koeksisters en melktert te smul by die Suidpunt ACVV Dienssentrum se pannekoekstalletjies en die Suideroord-tehuis vir Bejaardes se teetuin. Maak ook 'n draai by Mamaliousis vir heerlike sjokolade- en aarbeiroomys.
- Om aan te peusel, sal daar biltong, droëwors en cabanossi deur Hectic Biltong en Cobi's verkoop word. Chip 'n Dip se aartappel-op-'n-stokkie is ook altyd 'n gewilde keuse.
- Seekos is nie agterweë gelaat nie en Sasha's Food Gallery gaan daagliks vars calamari en vis met skyfies bedien. Andersins kan jy 'n draai maak by Dik Frik vir 'n seekos-*wrap*.
- Die Napier Garden Cafe in die Neptun-saal waar die fynbosuitstalling plaasvind, gaan 'n verskeidenheid etes en soethappies aanbied.
- Koffieliefhebbers kan staatmaak op Coffee Café van Hermanus om hul ete af te rond met 'n espresso-gebaseerde koppie boeretroos.













» Die gewilde vingerlek-lekker skaapkopete ten bate van bejaardesorg gaan weer die Donderdag en Vrydag in die Bistro aangebied word. Besprekings kan gedoen word by die NAMPO Kaap-kantoor op Bredasdorp Park by 028 050 1385.

Volgens Chrystal van Wyk, besigheidsbestuurder van Bredasdorp Park, is dit 'n staande reël dat alle eetplekke tydens NAMPO Kaap tot 'n welsyns- of behoeftige organisasie verbind sal wees. Skole en ouetehuise wat stalletjies het, bedryf dit as 'n fondsinsameling, maar ander besighede moet 'n persentasie van die wins wat hulle tydens NAMPO Kaap genereer aan 'n begunstigde van hul keuse skenk. ●







# RASUITSTALLING van groot waarde vir produsente

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die rasuitstalling by NAMPO Kaap, wat in die Landbank-veetent langs die Voermol-gebou gehou word, is altyd 'n trekpleister vir besoekers. Dit skep 'n geleentheid waar topgehaltediere en die kenmerkende eienskappe van hul onderskeie rasse van nader betrag kan word.

"Vir produsente bied 'n rasuitstalling uitsonderlike waarde. Dit stel hulle in staat om die rasse wat hulle tans op hul plase het, direk met potensiële alternatiewe rasse te vergelyk. Hierdie vergelyking is belangrik aangesien dit 'n produsent help om ingeligte besluite te neem oor watter rasse dalk beter by sy spesifieke boerderytoestande en -doelwitte sal pas. Dit bied verder 'n platform om die prestasie van sy eie rasse teenoor dié van sy eweknieë te evalueer en op welke wyse 'n teelprogram verbeter kan word," sê Henk Aggenbach, voorsitter van Bredasdorp Park se direksie.

"Benewens die voordele vir produsente, dien die uitstalling ook 'n opvoedkundige doel vir die algemene publiek. Besoekers kry 'n dieper begrip van die diversiteit binne veerasse en leer ook die unieke eienskappe en voordele van elkeen ken. Hierdie kennis kan veral waardevol wees vir diegene wat dit oorweeg om die bedryf te betree of wat hul huidige boerdery-aktiwiteite wil uitbrei," sê Aggenbach.

Lees gerus meer oor wat te wagte kan wees by die rasuitstallings.


















## Beeste

**Boran**: Met die oog op vleisproduksie is hierdie die ideale beesras. Die ras is ook hoogs aanpasbaar in warm en dorre klimaatsomstandighede en goed bestand teen siektes.

**Limousin**: Hierdie ras is bekend vir hulle goeie temperament en het 'n besonderse bou en uitstekende vleiskwaliteit. Hulle is ook gesog in voerkrale, wat die ras 'n ideale keuse maak vir kruisteling.

**Sussex**: Dit is 'n ras met uitstekende moedersinstinkte wat kwaliteitvleis lewer. Hulle is ook bekend vir hul goeie temperament en maklike hantering.

**Romagnola**: Die koeie is bekend vir die gemak waarmee hulle kalf en lewer stewige kalwers. Die ras is ook geskik vir vleisproduksie.

**Santa Gertrudis**: Dit is 'n beesras wat bekend is vir sy gehardheid en goeie vleis en hulle is uitstekende grasvreters.

**Chianina**: Die Chianina is een van die oudste beesrasse in die wêreld en met sy kenmerkende wit kleur word hy hoofsaaklik vir vleisproduksie geteel.

## Bekyk dié veetoerusting

Besoekers kan ook gerus let op die unieke groen hekke wat by die veestalle gebruik word en wat goedgunstiglik deur Hexagon geborg word.

Hexagon het ontstaan toe produsente in die Vrede-distrik besluit het om oor te gaan tot aksie om hul omgewing op te ruim deur herwinbare plastiek te omskep in kwaliteitprodukte wat 'n produsent op sy plaas kan gebruik, veral met die oog op presisieboerdery.

Die plastiek word UV-gestabiliseer om die duursaamheid te verleng. Hexagon vervaardig onder meer ook drukgange, lamhokke, bees- en skaapbaalringe en plastiekhortjiesvloere. Die produkte word landswyd versprei en ook suksesvol uitgevoer danksy die hoë kwaliteit daarvan.

*Indien jy sou belangstel in die volle reeks Hexagon-produkte, kontak gerus vir Helgaard Smith by 072 639 0451 of hexagon.vrede@gmail.com.*



# Nuwe, veelsydige BEESSTELSEL bekendgestel

**Jan Venter,** Algar

Besoek NAMPO Kaap vir die bekendstelling van die revolusionêre Bielie-Kraal-beesstelsel deur Algar. Die stelsel is ontwerp om veehantering te transformeer met die nuutste meganiese tegnologie vir duursaamheid, tydbesparing en koste-effektiwiteit.

Hierdie innoverende stelsel spog met komponente soos die Bielie-Fuik, Bielie-Skuifhek en Bielie- Verstelbare Gang, wat naatlose beweging en presiese beheer tydens beeshantering verseker.

*Moderne veehantering wat produsente bemagtig*

Kies tussen die veelsydige Bielie-Boks-werkkrat met elf toegangshekke, ideaal vir doeltreffende beeshantering, of die Bielie-Nekklamp met 'n robuuste gang van 750 mm wyd met 'n H-tipe-nekklamp vir veilige en stresvrye veebestuur. Die Bielie-Kraal is gebou vir sterkte en ligtheid en is moeiteloos verskuifbaar tussen plase, wat operasionele buigsaamheid verbeter sonder buitensporige koste.

Of jy gemak van gebruik, ekonomiese voordele in tyd en geld of betroubare werkverrigting prioritiseer, die Bielie-Kraal lewer op alle fronte. Dit is 'n spelwisselaar in moderne veehantering wat produsente bemagtig met voortreflike tegnologie en praktiese ontwerp vir verhoogde produktiwiteit en winsgewendheid. ●

*Vir meer inligting besoek www.algar.co.za.*

## RASUITSTALLING VAN...

**Jersey**: Hierdie ras is uiters geskik vir die produksie van melk met 'n hoë proteïen- en kalsiuminhoud.

### Skape

**Dormer**: Die ideale dormer is 'n horinglose gladdelyf-witwol-vleisskaap wat bekend is vir sy gehardheid maar ook sy vrugbaarheid.

**Meatmaster**: Hierdie ras lewer vleisproduksie van hoë gehalte en is doeltreffend met weidingbenutting.

**Döhne**: Dit is 'n gewilde keuse met die oog op beide goeie wol- en vleisproduksie.

**Merino**: Merino's is veral bekend vir die kwaliteit van hulle wol, hoewel hulle ook vir vleisproduksie aangehou word.

### Bokke

**Angora**: Die Angora met sy gewilde sybokhaar is aanpasbaar by verskeie klimaatstoestande, met 'n voorkeur vir 'n droër omgewing. Hulle benodig egter behoorlike versorging om goeie sybokhaar te verseker.

**Boerbokke**: In teenstelling met die Angora is die Boerbok gehard met 'n gespierde voorkoms, 'n vinnige groeitempo en is gesog vir vleisproduksie.

**Kalahari Reds**: Die naam verwys na die ras se kenmerkende rooi kleur en hulle word geteel vir hulle gehardheid en goeie moedereienskappe. ●






NAMPO
KAAP | CAPE
Ervaar LEMKEN se vooruitstrewende landboumasjinerie by NAMPO Kaap, 2024.
Kom gesels met ons kundige span; en ontdek baanbrekende tegnologie, volhoubare oplossings en kundige leiding.
Sluit by ons aan by NAMPO Kaap 2024, Standplaas 102, vir 'n landbou-revolusie!
LEMKEN
THE AGROVISION COMPANY

**Voermol Lamhokkorrels, Voermol Ram-, Lam- en Ooikorrels, Voermol Skaapafrondkorrels, Voermol Superlamkorrels**

# **Vorm die toekoms** van veeboerdery




60 JAAR

Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

Vir verdere inligting kontak jou naaste Voermol verkoopsverteenwoordiger.

Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za

Generiese veefoto bo, om verbruik aan te dui en nie noodwendig 'n aanduiding van produkeffektiwiteit nie.
Voermol Lamhokkorrels, Regnr. V26843, Voermol Ram-, Lam- en Ooikorrels, Regnr. V26842, Voermol Skaapafrondkorrels, Regnr. V12796, Voermol Superlamkorrels, Regnr. V17425, (Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Voermol

Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

Strong Julie 2024 E&OE

# Voltooi die skaapsiklus met presisievoeding

**Ashley Grimsell,** Voermol

Skaapboerdery kom met sy eie uitdagings waaroor produsente nie beheer het nie: die weer, roofdiere en natuurlike rampe soos brande, droogtes en vloede om net 'n paar te noem. Dus moet produsente so ver moontlik die regte praktyke toepas om optimale produksie in 'n uitdagende omgewing te handhaaf. Voeding is een van die areas waar produsente goeie bestuur kan toepas. Daar is 'n paar kritieke stadiums waar produksie die inkomste van die skaapboerdery gaan bepaal.

Die lammeroes op die plaas gaan uiteindelik die inkomste en volhoubaarheid van die boerdery ondersteun. Lammers bly agter op die plaas om as vervangingsdiere te dien of word voerkraal toe gestuur om 'n karkas aan die mark te lewer.

## Lamseisoen

In die laaste trimester (laaste maand) van dragtigheid het ooie hoë voedingsbehoeftes aangesien lammers tot 75% van hulle gewig in dié fase aansit. Ooie is dan veral vatbaar vir metaboliese steurnisse wat aan die verhoogde voedingsbehoeftes vir dragtigheid gekoppel kan word, soos domsiekte (ook bekend as ketose). By ooie wat dragtig is met meerlinge is dit selfs erger aangesien hulle met nog 'n uitdaging sit: beperkte buikspasie as gevolg van die lammers wat die grootpens se uitsitvermoë belemmer. Ooie in hierdie fase moet dus stelselmatig aangepas word aan hoëdigtheidvoere om in hul behoeftes te voorsien.

**Voermol se Lamhokkorrels** (V26843) moet ten minste vier weke voor lam aan ooie voorsien word. Ooie moet stelselmatig aangepas word oor hierdie tydperk om uiteindelik *ad lib* op die voer te wees teen lamtyd. Produsente kan die aanpassing as volg doen: Begin met 400 g tot 500 g/ooi/dag en lig stelselmatig die inname met 100 g tot 200 g elke tweede dag. So sal die ooie 'n 2 kg-inname van die korrel kan bereik ten tye van lam.

Genoeg ruvoer moet ten alle tye gedurende aanpassing beskikbaar wees. Die korrels moet voorsien word tot en met ten minste 'n maand na lam, aangesien die ooi se melkproduksie 'n piek bereik teen 28 tot 30 dae van laktasie. Lammers moet ook so vroeg as moontlik toegang tot kruipvoer kry om grootpensontwikkeling te stimuleer, groei en ontwikkeling te ondersteun en om die ooi se kondisie te spaar. **Voermol se Superlamkorrels** (V17425) kan as kruipvoer aangewend word.

## Vetmesting van lammers

Die vetmesting van lammers kan op weiding of in 'n kraal geskied. Dit hang af van wat die produsent beskikbaar het en wat by sy/haar bestuurspraktyke gaan inpas. Produkte wat aangewend word vir die vetmesting van lammers moet beskik oor genoeg ruproteïen, gehaltedeurvloeiproteïen, medikamente (om groei te bevorder) en anioniese soute (om blaasstene te voorkom). Beide Voermolprodukte wat hieronder bespreek word, beskik oor dié eienskappe.

**Voermol se Skaapafrondkorrels** (V12796) is geskik vir lammers wat in die voerkraal afgerond word. Lammers moet stelselmatig aangepas word tot die korrels. Verhoog elke tweede dag die inname van die korrel met 100 g oor 14 dae (ruvoer van goeie gehalte moet ten alle tye beskikbaar wees gedurende aanpassing).

**Voermol se Superlamkorrels** is spesiaal geformuleer vir die afronding van lammers op 'n digte stand van volop, aktief-groeiende natuurlike of aangeplante weiding van hoë gehalte. Die praktyk verg nie voerkraalfasiliteite nie, maar kan steeds daartoe lei dat 'n goeie, markgehalte karkas gelewer word. Lammers moet vir sewe tot tien dae voor hulle op die weiding geplaas word, op Superlamkorrels aangepas word. Na aanpassing kan die korrels teen 335 g tot 500 g/speenlam in bakke of op 'n harde oppervlakte op die weidings gevoer word (voorsien genoeg vreetspasie per lam). Dit is belangrik dat alle lammers die nodige immunisering vir voerkraalsiektes ontvang voor afronding plaasvind.

## Onderhoud van alle skape

Skape het deur die loop van die jaar 'n behoefte aan proteïen, energie, minerale en spoorminerale. Die hoeveelhede van die voedingstowwe word bepaal deur die gehalte van die weiding en die produksiestadium van die skaap. Om ramme, ooie en lammers deur die jaar te onderhou, kan 'n meervoudige korrel aangewend word. **Voermol se Ram-, Lam- en Ooikorrels** (V26842) dien as volvoer maar kan ook as 'n aanvullende voer aangewend word. As aanvullende voer tot weiding of hooi kan die korrel as volg gevoer word:

- Ramme: 400 g tot 600 g/dag
- Ooie: 300 g tot 500 g/dag
- Lammers: 200 g tot 300 g/dag

Die voordeel daarvan om korrels vir skape te voer, is alombekend: Dit verminder vermorsing, verseker dat elke "hap" voer 'n gebalanseerde rantsoen is, vergemaklik voerhantering en lei ook daartoe dat minder metaboliese steurnisse opgemerk word. Verseker optimale prestasie in jou trop deur die regte korrels op die regte tyd aan te wend. ●




Lamhokkorrels Superlamkorrels Skaapafrondkorrels Ram-, lam- en ooikorrels

# BORGSKAPPE *dra by tot sukses*

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

"Die jaarlikse toename van besoekers aan NAMPO Kaap is 'n riem onder die hart wat bewys dat dit met elke aanbieding net van krag tot krag gaan," sê Henk Aggenbach, voorsitter van Bredasdorp Park se direksie.

"Daar moet dan ook tereg erkenning gegee word aan ons borge se prominente aandeel in die sukses van NAMPO Kaap. Danksy hul finansiële ondersteuning, geloofwaardigheid en bekendheid word NAMPO Kaap jaarliks gereken as 'n hoogtepunt op die landboukalender.

*Die sukses van NAMPO Kaap kan gesien word as die vrug van 'n sterk vennootskap*

"Ons borge bring ook dikwels hul eie netwerk en bemarkingskanale na die tafel wat help om die skou aan 'n wyer gehoor bekend te stel – waarvoor ons dankbaar is. Die sukses van NAMPO Kaap kan dus gesien word as die vrug van 'n sterk vennootskap tussen organiseerders en borge wat gesamentlik streef na 'n beter toekoms vir die landbou- en handelsektor.

"Boonop toon ons borge, waaronder plaaslike besighede, ook deur hul ondersteuning van NAMPO Kaap betrokkenheid by die gemeenskap. Hierdie betrokkenheid versterk die gemeenskapsgees en bou langtermynverhoudings tussen die organiseerders van die skou, die borge en die plaaslike gemeenskap. Sodoende dien NAMPO Kaap ook as 'n winsgewende ekonomiese inspuiting vir Bredasdorp en die plaaslike omgewing se inwoners," sê Aggenbach.

Dr Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO (Pty) Ltd by Graan SA, wys daarop dat NAMPO Kaap se borge van landboutoerusting en -tegnologie bydra tot die bekendstelling van die nuutste innovasies op die terrein van landbou.

"Vir ons as organiseerders van NAMPO Kaap dien die vennootskap met ons borge – groot of klein – as 'n prominente steunpilaar wat die volgehoue sukses van NAMPO Kaap op die pad vorentoe sal verseker," sê dr Strydom. ●




# Save BIG when you upgrade to a Ranger XL 4X4*

- Industry-leading Tailgate Workbench with Clamp Pockets
- A Wider loadbox that fits a Euro pallet
- Loadbox Mounting Points and Box Capping
- 10.1" Touchscreen
- Optional Steel Underbody Vehicle Protection System




**Visit our stand at NAMPO Cape at Bredasdorp Park on 11-14 September 2024, to see our exciting range of vehicles.**

Ford

www.ford.co.za

*T&Cs apply

# Vroueprogram het iets VIR ELKE SMAAK

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

’n Propvol program is saamgestel spesiaal vir die skoner geslag wat NAMPO Kaap gaan besoek. Die wye verskeidenheid bied iets vir elke smaak – of jy wil lag, leer, luister of net lekker ontspan. Volgens Burre Burger, programorganiseerder, sal die groot skerm wat buite die wit tent opgestel word, nie net ekstra plek beskikbaar hê as die tent volgepak is nie, maar dit ook moontlik maak vir die manne wat “skelm” saam wil kyk.

## Dorings onder die rose

**Francois Boyce** – die gesig van die gewilde “Hoezit samelewing”-video’s op sosiale media – is nie net die programleier nie, maar gaan ook sy bekende “5 vrouens en ek”-vertoning asook “Ek, ’n tent en ’n oorlog” aanbied. Dié internetsensasie, wat sowat 130 000 volgelinge op sosiale media het, gaan jou laat skater van die lag, maar daar sal ook ’n paar trane afgevee word met sy stories oor die vyf gewone vroue wat ’n groot rol in sy lewe gespeel het.

**David Nieuwoudt**, eienaar en wynmaker van Cederbergkelders, gaan natuurlik oor wyn gesels en besoekers laat proe aan hul topwyne. Nieuwoudt, wat ook ’n lid is van die Kaapse Wynmakersgilde, het reeds verskeie toekennings ingepalm en Cederberg Privaat Kelders is al twee maal deur die *Wine*-tydskrif onder die toptienwynplase geplaas.

*Of jy wil lag, leer, luister of net lekker ontspan – die wye verskeidenheid bied iets vir elke smaak*

**PG Engelbrecht** is ’n jong, komiese towenaar wat as Peter G bekend staan. Hy het ’n graad in Menslikehulpbronbestuur en is ook ’n gesertifiseerde finansiëlebeplanningskonsultant, maar komedie en towerkuns is sy passie. Alhoewel hy uiters snaaks en vermaaklik is, is hy ’n gesofistikeerde kunstenaar wat ook gereeld optree as inspirerende spreker. Sy optrede is getiteld “Vrouens is *magic*”.

**Pierre van Niekerk** van EcoHealth het ’n passie vir natuurlike gesondheid ontwikkel. Hy glo dat voorkoming beter is as mediese behandeling. Van Niekerk kom gesels oor die belangrikheid van voorkomende alternatiewe vir medikasie in sy praatjie getiteld, “Natuurlik kan gesond wees”.

## Vroue wat inspireer

**Carmen Niehaus** is sedert 1989 die kosredakteur van *Huisgenoot* en *You* en sal vir drie dae in die wit tent kuier met die temas “Familiekuiers”, “Ek kies rooibos” en “Lentekos”. Sy het al verskeie toekennings ontvang en meer as 20 kookboeke gepubliseer. Al sorg sy dat sy op datum bly van die nuutste *trends* in kos, is dit vir haar belangrik dat haar resepte prakties genoeg moet wees vir alledaagse gebruik. Of jy dus ’n kranige kok is of nie, kom kry gerus hier ’n paar handige wenke.



Appel



Francois Boyce



Nádine


Carmen Niehaus


PG Engelbrecht


Nicky Lonte


Pierre van Niekerk


David Nieuwoudt

**Martelize Brink** is sedert 2004 'n omroeper by RSG waar haar stem deesdae op *DrieSestig* gehoor word. Sy reis gereeld deur die land met haar mobiele mikrofoon om Suid-Afrikaanse stories wat die hartsnare raak, op te spoor vir dokumentêre programme. Sy hoop om mense te help en te inspireer deur dié programme, maar inspireer hulle ook deur haar lewenslus vanuit 'n rolstoel. Sy tree gereeld op as motiveringspreker en haar tema in die wit tent is "Ek loop tog".

**Nicky Lonte** van die Niki Professional-grimeerreeks het haar loopbaan 19 jaar gelede in die vryskut grimeerbedryf begin. Sy het later op bruide begin fokus en grimeerkursusse aangebied. Sy leer vroue hoe om hul selfvertroue te verbeter deur op hul beste eienskappe te fokus. Haar tema, "Ek, borskanker en mooimaak", vertel van mooiwees tydens "eina-oomblikke" en het posgevat tydens haar eie stryd nadat borskanker by haar gediagnoseer is.

## Towerklanke om na te luister

Drie van Suid-Afrika se "grotes" kom bied musikale vermaak in die wit tent.

- **Nádine** is al vir byna 30 jaar in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf en het geen bekendstelling nodig nie. Sy het as tiener begin sing en later ook opgetree as aanbieder van die televisieprogram *Musiek Roulette*. Sy het in die buiteland net soveel aanhangers as plaaslik en het al saam met verskeie internasionale sterre opgetree.




**ZAXIS-7G SERIES AND BACKHOE LOADERS**

Introducing the new ZAXIS-7G series, featuring increased operational productivity, a decrease in lifecycle costs, and an increase in safety for day-to-day operations. PLUS - level up your fleet with a Hitachi BX100 Backhoe Loader, now available to purchase in Southern Africa!

**Get a quote today - email us at marketing@hcmaf.com**

@hitachimachinery
Hitachi Construction Machinery
Solution Linkage
www.hitachicm.co.za

# VROUEPROGRAM HET IETS...



Mathys Roets



Martelize Brink

- Appel is 'n befaamde liedjieskrywer wat homself ook as gewilde musikant en sanger gevestig het. Sy debuutalbum, *Lei my na die water*, wat in 2017 vrygestel is, was nommer een op verskeie radiostasies. Die titelsnit van sy tweede album, *Boer loop deur my are*, is meer as drie miljoen keer op YouTube gekyk. Appel is baie gewild onder jonk en oud.
- **Mathys Roets** het nie toegelaat dat 'n motorfietsongeluk waarin hy verlam is, hom enigsins stuit nie. Hy is veral bekend vir sy sielvolle vertolkings van Leonard Cohen se musiek en tree gereeld as lid van Drie van die Bestes op saam met Danie Niehaus en Germandt Grobler. Hy was ook die mede-aanbieder van kykNET se leefstylprogram, *Kamp dit uit*, en het selfs 'n draai in die sepie *Villa Rosa* gemaak. ●

*Met die ter perse gaan was die finale program nog nie gereed nie – hou NAMPO Kaap se Facebookblad dop sodat jy jou besoek aan Bredasdorp Park kan beplan om jou gunsteling se kuier in die wit tent.*




# TUIS MET TEGNOLOGIE

## CASE IH, DIE TUISTE VAN TEGNOLOGIE




Teen die agtergrond van Case IH se posisionering van “voel tuis by CASE”, wil ons elke boer, groot of klein, gemaklik laat voel met die tegnologie tot sy of haar beskikking. Ons verstaan ook dat uitgebreide tegnologie nie oornag in ‘n boerdery geïmplementeer kan word nie en daarom wil ons saam met ons boere die pad stap.

Kom gesels met ons by **NAMPO Kaap** oor die nuutste toevoegings tot die Case IH-stal, asook ons nuutste tegnologiese oplossings. Die Case IH-standplaas gaan weer ‘n tuisvoel-bymekaarkomplek wees. Kom geniet ’n koppie boeretroos saam met ons en kom maak jouself tuis.

**Ons span staan slaggereed om jou te ontvang.**
**Kom voel tuis by CASE.**

www.caseih.co.za

CASE IH

Quaker Houghton™
Forward Together™




African Group Lubricants offer a range of Quaker Houghton Dust Suppressant and Fire-Resistant Hydraulic Fluid, for the farming industry.

**CONTACT US TODAY**
agri@aglubricants.co.za
011 824 0560

# 'N VONKELFEES VAN DIE OVERBERGSE NATUURSKOON

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Besoekers aan NAMPO Kaap staan elke jaar in verwondering oor die blommeskouspel wat in twee van die sale op Bredasdorp Park uitgestal word. Maak seker jy besoek die blommefees van Marjolijn Malan in die Voermol-saal en die Overberg-fynbosuitstalling in die Neptun-saal.

### Blomme vier NAMPO Kaap se bestaan

Marjolijn Malan se tema vir 2024 is "Vonkel in die Overberg" – met dié tema vier sy die vyfde NAMPO Kaap. Sy gaan dit met 'n skouspel van die Overberg se blommeprag (en 'n paar ander verrassings) uitbeeld. Hierdie indrukwekkende blommefees kan in die Voermol-saal gesien word.

*Die publiek word uitgenooi om te stem vir die rangskikking van hul keuse*

Marjolijn beplan om te fokus op "plante met 'n storie" wat geïnspireer is deur 'n besoek aan haar dogter wat op Jersey-eiland woon. Sy gaan ook twee voorbeelde van mimikrie in die natuur deel. Mimikrie is die noue eksterne ooreenkoms van 'n dier, plant of insek met 'n ander dier, plant, insek of lewelose voorwerp.




Vat 'n bossie Overberg huis toe of besoek een van die ander uitstallings om meer oor die inheemse plante te leer.




**Die kunstenaar**: Marjolijn is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Blomme-unie se nasionale onderwyspaneel asook 'n nasionale beoordelaar. As lid van die Wes-Kaapse Blommerangskikkersvereniging kan sy haar passie vir plante wat deur haar Hollandse pa se liefde vir die natuur geïnspireer is, uitleef. Sy vertel dat sy al op 14 gaan uithelp het in die bloemistewinkel om haar droom te begin navolg.

# 'N VONKELFEES VAN...

Die borg, Neptun, se produk is verlede jaar op 'n oulike wyse ingespan vir Elim se fynbosuitstalling.



Buiten vir al die blomme het Marjolijn Malan verlede jaar 1 431 perlemoenskulpe ingespan vir die meermin se rok.



**Kom leer meer oor die natuur**: Soos in die verlede gaan 'n paar lede van die Wes-Kaapse Blommerangskikkersvereniging kleiner "natuurkunswerke" skou. Die publiek word uitgenooi om te stem vir die rangskikking van hul keuse. Dis vir Marjolijn en dié kunstenaars belangrik dat besoekers bewus gemaak moet word van die groot verskeidenheid flora in die Overberg-streek.

## Fynbosparadys

In die Neptun-saal word die uitsonderlike blommeprag van die Overberg-fynbosuitstalling met onder meer pragtige wit proteas gehuisves. Hier kan natuurliefhebbers kom kyk na die wye verskeidenheid fynbos- en veldblomfamilies. Kom leer gerus die Overberg se natuurlike fynbos- en veldblomplanteskat van nader ken.

**Tema**: Die inspirasie vir die blomme-ekspo vir 2024 is "Die viering van die Overbergse landskap". Vanjaar bou die uitstalling voort op die sukses van 2023 se "natuurlike" uitstalling om die verskeidenheid plante endemies aan die streek so na as moontlik in hulle natuurlike habitat uit te stal.

**Uitstalling**: Verskillende biome sal uitgebeeld word deur onder andere proteas, speldekussings en verskeie ander fynbosspesies. Aalwynsoorte wat in die omgewing voorkom, gaan ook deel vorm van die uitstalling om tipiese "Overberg-prentjies" dekoratief uit te beeld.

**'n Lusmaker**: Die eerste fisiese werk met die skep van die tipiese Overbergse Rûens-landskap is in Junie gedoen deur 150 m$^3$ grond te skuif en te vorm, rotse in te bring en die basiese uitleg te finaliseer. Daar gaan onder meer 'n kanola- en aalwynlandskap en selfs 'n waterstroom wees – moet dit dus nie misloop nie.

**Laat jou voete hier rus**: As dit tyd is om te ontspan, bied die teetuin in die Neptun-saal 'n oase om asem te skep. Geniet hier iets te ete en te drinke omring deur die kleurvolle natuurskoon. ●





20 24 NAMPO KAAP | CAPE

**Introducing a new colour variation – SafeLite 2.0 full safety, metal-free protection.**

# These boots combine DURABILITY with COMFORT

**Brad Joyce,** Neptun Boot

Neptun Boot is a premier manufacturer based in South Africa, dedicated to producing high-quality footwear designed to meet the demands of various industries. With a focus on craftsmanship, comfort, and innovation, the brand has established itself as a leader in the African market. Each pair of boots is meticulously crafted locally, reflecting our commitment to supporting the South African economy and fostering local talent.

Our boots are engineered with a fit-for-purpose design, catering to the needs of farmers, miners, and construction workers, as well as anyone seeking reliable protection from harsh weather conditions. By choosing Neptun Boot, you are not only investing in superior footwear but also contributing to the development of skills and opportunities for the next generation of South African workers.

We take pride in our ability to combine durability with comfort, ensuring that our customers can rely on their footwear in the most challenging environments. Whether you need robust boots for mining, sturdy protection for construction sites, or just a dependable pair to keep your feet dry and safe during rainy seasons, Neptun Boot has you covered.

By supporting Neptun Boot, you are making a conscious choice to bolster the local economy and promote sustainable development within the community. ●

*For more information on our diverse range of products and to experience the quality and reliability of Neptun Boot firsthand, visit our website at www.neptunboot.co.za. Choose Neptun Boot, where safety, quality, and local pride come together.*



# A reliable waste compaction solution

**Article supplied by Akura**

NAMPO Cape provides a unique opportunity for producers, enthusiasts, and industry professionals to connect, learn, and stay updated on the latest trends in technology including waste management solutions.

Visitors to NAMPO Cape 2024 will have the opportunity to experience the Bramidan baler, a robust and user-friendly waste compaction machine designed to handle recyclable materials such as cardboard, plastic, and more. 'This baler offers efficient and safe waste handling. Keeping in mind that responsible waste management benefits us all, the Bramidan baler plays a vital role in achieving this goal,' says Jaco du Toit, divisional manager at Akura.

## Key features

- Bramidan balers are known for their durability and consistent performance.
- Safety is a top priority. The baler incorporates European safety features to protect operators during the compaction process.
- Operating the baler is straightforward, making it accessible to both experienced professionals and newcomers.
- It can handle various recyclable materials, including cardboard boxes, plastic bottles, and more.
- The vertical design saves space, making it suitable for businesses with limited room.

## Why choose a Bramidan baler?

By compacting recyclable materials, Bramidan balers contribute to a cleaner environment. Proper waste management reduces landfill waste and promotes recycling. The baler combines functionality, safety, and environmental consciousness. If you're attending NAMPO Cape, make sure to visit the Bramidan booth and explore this impressive waste compaction solution.

The Bramidan range of balers has proven effective across a broad spectrum of the agricultural market. This showcases the versatility and reliability of Bramidan balers in managing waste efficiently across different agricultural sub-sectors such as meat, wine, fruit, and egg production.

These balers are sold and serviced in Southern Africa by Akura Engineering. Established in 1970, Akura designs and builds a diverse range of specialised machinery. It sells products and services customers throughout Southern Africa from their head office in Paarl and regional branches in Johannesburg, Durban and Gqeberha. ●

**The range of Bramidan balers for the baling of recyclables or waste materials.**





## Maximize Your Farming Efficiency with the Bramidan Waste Baler!

Introducing Bramidan Waste Balers, the perfect solution for farmers looking to reduce operational cost and contribute to recycling.

- **Compact a variety of materials:** Cardboard, plastic, foil, paper and more.
- **Save Space:** Compact waste efficiently, freeing up valuable space on your farm.
- **Improve Logistics:** Simplify waste management and reduce transport costs.
- **Enhance Hygiene:** Maintain a cleaner, more organized storage area.
- **Ensure Worker Safety:** Designed for ease of operation and equipped with advanced safety features to protect your workers.
- **Contribute to Recycling:** Do your part in promoting sustainable farming practices.




**Visit us at NAMPO Cape at Bredasdorp Park to see the Bramidan X10 in action (Stand 32) or contact us on 021-872 2224 / www.akura.co.za**

AKURA

# NAMPO Kaap bied ideale leerskool vir nuwe produsente

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Volgens Alfreda Mars, wat dien op die direksie van Bredasdorp Park, is NAMPO Kaap 'n geleentheid wat van groot waarde is vir nuwe produsente wat hul plek in die bedryf wil vestig. "Ons sien daarna uit om hierdie toetreders tot landbou se entoesiasme vir die bedryf met hulle te deel tydens NAMPO Kaap.

"Nuwe produsente wat hierdie skou bywoon sal vir seker toegang hê tot 'n skatkis van inligting, hulpbronne en kontakte wat hul kans op sukses in die bedryf sal verhoog. Dit is voorwaar 'n geleentheid wat hulle nie behoort mis te loop nie.

"Die skou bied 'n platform waar die mees moderne landboutoerusting en tegnologieë besigtig en ervaar kan word. Dit is hier waar nuwe produsente dus antwoorde kan kry op 'n magdom vrae oor die nuutste boerderypraktyke en tegnologie. Daar sal ook praktiese demonstrasies van nuwe tegnologieë wees wat aan 'n produsent 'n beter begrip sal gee van hoe om dit in sy eie landboubedrywighede te implementeer.



NAMPO Kaap is 'n kans om deel te wees van iets groters en vir 'n nuwe produsent om sy plek in die landbougemeenskap te vestig.



"Met die toenemende druk op natuurlike hulpbronne en die veranderende klimaat, is dit noodsaaklik vir nuwe produsente om te leer hoe om hul landbou-aktiwiteite op 'n volhoubare manier te bestuur. By NAMPO Kaap sal nuwe produsente dus ook kennis kan opdoen oor die jongste navorsing en tegnieke vir onder andere waterbesparing, grondgesondheid en biodiversiteit wat deurslaggewende faktore is vir 'n meer volhoubare toekoms vir die landbou.

"Deur met ander produsente, verskaffers, navorsers en konsultante in aanraking te kom, kan 'n nuwe produsent dus 'n waardevolle netwerk en langtermynverhoudings bou wat hom of haar in die toekoms kan ondersteun om 'n boerdery lewensvatbaar te maak en om dit te laat groei.

*Dit is hier waar nuwe produsente antwoorde kan kry op 'n magdom vrae*

"NAMPO Kaap is in werklikheid 'n gemeenskapsgebeurtenis wat 'n gevoel van samehorigheid en trots onder produsente kweek. Deur deel te wees van hierdie gemeenskap, kan nuwe produsente inspirasie en ondersteuning vind om die uitdagings van boerdery die hoof te bied. Dit is 'n kans om deel te wees van iets groters en vir 'n nuwe produsent om sy plek in die landbougemeenskap te vestig.

"Omrede 'n boerdery dikwels 'n familie-aangeleentheid is, kan nuwe produsente gerus ook familielede insluit wanneer hulle NAMPO Kaap bywoon. Dit kan dien as 'n waardevolle opleidingsgeleentheid vir diegene wat by hul boerdery betrokke is," sê Mars. ●

# Perdeprogram open geleenthede vir plattelandse jeug

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Tydens NAMPO Kaap gaan daar weer eens 'n vol en interessante program vir perde in die perdry-arena aangebied word. "Hierdie program lok altyd groot belangstelling en daar sal gefokus word om 'n verskeidenheid items aan te bied wat veral die jeug betrek," sê Mariska Marais, organiseerder van die perdeprogram by NAMPO Kaap.

"Die jeug op die platteland het nie altyd toegang tot sulke geleenthede in vergelyking met hulle stadsgenote nie. Deelname aan NAMPO Kaap se perdeprogram sal egter hierdie leemte vul. Demonstrasies soos ruiterkuns, dressering en skouspring in verskillende ouderdomsgroepe sal gehore vermaak. Die jeugskou wat die Saterdag plaasvind, sal ook dien as 'n kwalifiserende skou vir 'n moontlike uitnodiging na die WP-proewe."

*Demonstrasies soos ruiterkuns, dressering en skouspring sal gehore vermaak*

Perdeliefhebbers kan uitsien na 'n propvol program:

- Tydens die perdedissipline-ekspo kan ruiters tien jaar en onder asook ruiters tussen 11 en 18 in aksie gesien word.
- Daar gaan 'n perdejeugskoukliniek aangebied word met die oog op die Saterdag se kompetisie.
- Die gewilde Lipizzaner-perde – bekend vir hulle elegante voorkoms – sal daagliks 'n vertoning lewer.
- Daniel Griffins Archery gaan 'n voortreflike ruiterskapvertoning aanbied deur kolskote te skiet met 'n pyl en boog.
- Daar sal ook 'n geleentheid wees vir ponieritte danksy die Overberg-pónieklub.
- Spaanse donkies en die bekende swart perde van die Overberg sal van nader betrag kan word. ●










# Australiese vakmanskap en gehalte kenmerk dié stewels

**Verskaf deur Trappers Outdoor**

Redback Boots, gemaak in Australië, staan bekend vir hul buitengewone gehalte en duursaamheid. Hierdie stewels, vervaardig deur 'n familieonderneming wat in 1925 gestig is, weerspieël dekades se ervaring en vakmanskap. Die onderneming is trots op hul verbintenis tot die gebruik van hoëgehaltemateriale en innoverende ontwerpe wat optimale gemak en beskerming bied.

Redback Boots word vervaardig van volnerfleer wat buitengewone duursaamheid en gemak verseker. Die stewels het rek-sykante wat dit maklik maak om aan en uit te trek, met 'n unieke dubbelpoliuretaansool wat weerstand bied teen olie en sure. Dit maak die stewels ideaal vir 'n wye reeks beroepe en aktiwiteite – van landbou tot konstruksie en die buitelewe.

Een van die uitstaande kenmerke van Redback Boots is hul ergonomiese ontwerp wat spesifiek daarop gemik is om moegheid te verminder en voetgesondheid te bevorder. Hierdie stewels bied uitstekende ondersteuning en stabiliteit, wat dit 'n voorkeurkeuse maak vir mense wat lang ure op hul voete deurbring.

Die stewels se volnerfleer is maklik om skoon te maak en te onderhou. Trappers verkoop ook byewasgebaseerde produkte om die



leer te voed en soepel te hou, wat die lewensduur van die stewels verder verleng. ●

*Besoek www.redback.co.za om meer te leer oor hierdie uitsonderlike produk en waarom dit die ideale keuse is vir enige werkende persoon.*



# KOM VERBREED JOU KENNIS OOR

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

NAMPO Kaap bied aan besoekers die besonderse voorreg om eerstehands die Bredasdorp Park Hidroponika- en Akwaponika-eenheid by die Waterwise-sentrum te besoek. Die sentrum is 'n werkende eenheid wat deur die jaar vars produkte vir plaaslike markte produseer en onder die leiding staan van dr Ian Goldie.

Dr Goldie verduidelik dat hidroponika na die grondlose verbouing van plantgewasse verwys. Die voeding vir die plant word uit water bekom en die plant word gewoonlik deur 'n inerte medium soos saagsels, turf of gruis ondersteun.

Met akwaponika word visuitskeiding gebruik om as voeding vir die groei van gewasse te dien wat die gebruik van kunsmis onnodig maak. Sodanige stelsel bestaan gewoonlik uit visdamme wat deur 'n stelsel van pompe en filters aan hidroponiese eenhede gekoppel is.

Hierdie produksiemetode bied baie voordele soos laer waterverbruik, beter kunsmisbestuur en korter groeitye. Dit maak dit veral geskik vir 'n omgewing met beperkte spasie en waar die beskikbaarheid van water onder druk is.

Bredasdorp Park het ná NAMPO Kaap 2019 'n demonstrasie- en opleidingsfasiliteit vir hidro- en akwaponika op die terrein gevestig. Die doel was om kleinskaalse boerdery in en om die omliggende dorpe aan te moedig en te ondersteun. Hierdie inisiatief het gelei tot die aanstelling van 'n plaaslike projekbestuursmaatskappy, Two Oceans Projects & Services, om die fasiliteit formeel te vestig.

Daar is aanvanklik op klein skaal met 'n verskeidenheid groeimetodes en gewasse geëksperimenteer. Terselfdertyd is 'n uitgebreide kontaknetwerk opgebou om die uitbreiding van die projek te ondersteun. Die netwerk het landbou-, voeding- en gewaskundiges ingesluit, asook 'n opleidingsooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch se Water-instituut.

Die fasiliteit is in Mei 2021 amptelik geopen om as 'n permanente uitstalruimte vir verskillende metodes van hidro- en akwaponika te dien. As 'n






# HIDRO- EN AKWAPONIKA



werkende hidroponiese plaas dien die fasiliteit ook as 'n opleidingsentrum. Die sentrum is ingerig met 'n demonstrasie-area, 'n opleidingseenheid en 'n kommersiële uitbreiding. Daar is ook 'n grondtuin waar afloopwater van die hidroponika-eenhede gebruik word. In geheel is daar drie kweekhuise en twee nethuise asook 'n grondarea.

### Volhoubare voedselproduksie

"As 'n waterskaarse land bied hidro- en akwaponika 'n volhoubare oplossing vir voedselproduksie in Suid-Afrika. Hierdie innoverende landboumetode stel 'n mens in staat om presiese beheer uit te oefen met die toediening van water en voedingstowwe wat optimale plantgroei en hoër opbrengs verseker. Hidro- en akwaponika, 'n grondlose verbouingsmetode, bied ook 'n oplossing vir beperkte toegang tot grond en dit kan met sukses in dorpe en stede toegepas word," sê dr Goldie.

"Alhoewel die aanvanklike vestigingskoste hoër is as vir 'n konvensionele boerdery, is die bedryfskoste daarenteen laer. Grondlose boerdery is ook meer gewasspesifiek teenoor konvensionele boerdery en gewoonlik kan die tyd wat dit neem om te oes in hierdie waterstelsels tot 20% korter wees as in die grond. Die waterverbruik van 'n grondlose boerdery wat reg bestuur word, behoort ook 90% tot 98% minder te wees.

*As 'n waterskaarse land bied hidro- en akwaponika 'n volhoubare oplossing vir voedselproduksie in Suid-Afrika*

"'n Verskeidenheid ander groeistelsels sal ook deur besoekers besigtig kan word, waaronder die dunfilmtegniek-drupstelsels (*nutrient film technique*), vertikale eenhede, groeipype en gruisstelsels. Die meeste van hierdie stelsels kan gekoop word as 'n selfbou-ontwerp of deur die aankoop van gereed-om-te-gebruik-toerusting.

"Alhoewel daar nie tydens die skou stelsels te koop aangebied gaan word nie, sal ons met graagte versoeke in dié verband akkommodeer en doelgeskikte ontwerpe vir potensiële kopers doen, insluitende begrotings.

"Ons sien daarna uit om NAMPO Kaap-besoekers 'n eerstehandse ervaring te gee van hierdie interessante, omgewingsvriendelike metodes van voedselproduksie. In 'n wêreld wat streef na volhoubare voedselbronne, verminder hidro- en akwaponika die druk op konvensionele landbou, bewaar hulpbronne en bevorder 'n harmonieuse naasbestaan tussen voedselproduksie en die omgewing," aldus dr Goldie. ●

*Die Bredasdorp Park Hidroponika- en Akwaponika-sentrum is direk langs die terreinheining by die Sensako-hek en reg langs die Standard Bank Rûens Kollege Steakhouse geleë.*











# RACK *your world*

**Savannah Ceresato,** Acrow Storage Solutions

In the ever-evolving world of storage solutions, Acrow stands out as a pioneer, offering innovative racking and shelving products that cater to diverse industries. Founded in 1946, they have grown to become one of South Africa's largest and most respected manufacturers in the sector.

The journey began over seven decades ago, with a commitment to quality and customer satisfaction. Over the years, the company has achieved significant milestones, including the expansion of its manufacturing facilities to Johannesburg, Cape Town, Durban, and Italy.

Acrow's product range is designed to meet the varying needs of the retail and logistics sectors. Their racking and shelving solutions are renowned for their durability, versatility, and customisation options. Whether it's a small retail store or a large warehouse, their products are tailored to optimise space and enhance operational efficiency. The company is dedicated to providing exceptional service and high-quality products.

Innovation is at the heart of Acrow's operations. The company invests in cutting-edge technology to continuously improve its products. All products are manufactured following strict industry standards, including SABS ISO 9001:2015, ensuring reliability and safety.

Looking ahead, the company aims to further expand their product offerings and enter new markets. With a vision to lead the industry in innovation and customer satisfaction, they are poised for continued success.

Acrow's commitment to quality, innovation, and customer satisfaction has cemented its position as a leader in the racking and shelving industry. For businesses seeking reliable and efficient storage solutions, Acrow remains the go-to choice. Explore their offerings today and experience the difference that decades of expertise can make.

Their expertise include: racking and shelving manufacture, mezzanine design and manufacture, mobile racking and shelving, mole and drive-through racking, cantilever systems, live pallet and live carton flow, scaffolding and formwork as well as rack inspections and safety audits. ●



Lusaka Cold Storage.

# Jeugskou ontwikkel belangrike LEWENSVAARDIGHEDE

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

"Deelname aan 'n landboujeugskou hou baie voordele vir kinders in. Dit ontwikkel by hulle 'n verantwoordelikheidsin deurdat hulle eienaarskap van 'n dier moet neem en na sy welstand moet omsien. Om 'n dier groot te maak, te versorg en vir skou af te rig, verg harde werk en toewyding – en in die proses word kinders se selfvertroue en selfbeeld bevorder. Dit ontwikkel verder belangrike lewensvaardighede soos probleemoplossing, kritiese denke en tydsbestuur," sê Madeline Kriel, koördineerder van die Overberg-streekjeugskou.

*Die belangrikste is egter dat dit by kinders 'n liefde vir landbou kweek*

"Danksy die vriendskappe wat gesmee word en nuwe mense wat tydens die skou-aktiwiteite ontmoet word, ontwikkel kinders ook sosiale vaardighede. Wanneer dit dan tyd word om 'n dier te skou, moet hulle kommunikasievaardighede aan die dag lê en leer hoe om effektief met beoordelaars, eweknieë en toeskouers te kommunikeer.

"Met al die voorafgaande positiewe punte van 'n jeugskou en die kennis wat kinders oor landbou en dierewetenskap opbou, kan jy verseker wees dat dit 'n kind is wat vorentoe met besonderse karaktereienskappe die lewe sal aanpak. Die belangrikste is egter dat dit by kinders 'n liefde vir landbou kweek terwyl hulle aan iets deelneem wat hulle geniet en wat goeie herinneringe laat," sê Kriel.





### Interessante feite oor die Overberg-streekjeugskou:

- Die jeugskou is een van agt streekkompetisies in die Wes-Kaap waaraan leerders kan deelneem.
- Dit is die grootste streekjeugskoukompetisie in die Wes-Kaap en daar was 230 deelnemers in 2023.
- Dit dien as 'n plaaslike uitskakelingsronde binne die Overberg-distrik en kategoriewenners kry die kans om aan die 2024 Wes-Kaapse Kampioenskap deel te neem.
- Deelnemers uit die Overberg-streek wat Wes-Kaapse kleure verwerf, sal daarna op nasionale vlak deelneem.
- Seuns en meisies tot en met 17 jaar oud kan aktief aan die jeugskou deelneem. Die geleentheid sluit verskeie kategorieë in, naamlik junior-juniors (ouderdom 5 tot 9), juniors (ouderdom 10 tot 13) en seniors (ouderdom 14 tot 17).
- Daar is 14 afdelings waarin deelgeneem word, naamlik suiwelbeeste, vleisbeeste, wolskape, vleisskape, boerbokke, veselbokke, melkbokke, perde, pluimvee, duiwe, konyne, kulinêre kuns, suiwelbereiding en jong afslaers.
- Leerders van Pionierskool vir Blindes en Siggestremdes gaan vir die tweede keer by NAMPO Kaap deelneem. In 2023 was die Overberg-streekjeugskou die eerste jeugskoukompetisie waaraan blinde en siggestremde leerders deelgeneem het.

Die borge vir die jeugskou is BKB, Voermol, Hollard, Neptun, AgriExpo en die Wes-Kaapse Departement van Landbou. Besoekers kan gerus die jeug kom ondersteun tydens die jeugskou wat op 14 September in die BKB-lewendehawesentrum, vrouetent en skoletent sal plaasvind. ●

*Registrasie vind vanaf 8:00 by Hek C, BKB-lewendehawesentrum, plaas en inskrywings moet teen 31 Augustus ingedien word. Vir meer inligting kontak gerus vir Madeline Kriel by madelinekriel894@gmail.com of 071 280 0239.*

# 4X4-DEMONSTRASIES bly ’n trekpleister

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

Natuurliefhebbers en landbouers het ’n besonderse voorliefde vir 4x4-voertuie vanweë dié se kragtige werkverrigting en veelsydigheid in die hantering van moeilike terreine. 4x4-voertuigliefhebbers kan dus uitsien na demonstrasies tydens NAMPO Kaap waar dít waartoe hierdie kragtige voertuie in staat is, ten toon gestel sal word.

## Demonstrasies

Professionele 4x4-voertuigbestuurders gaan daagliks die uitdagende hindernisse en ruwe terrein op die skouterrein se Engen-4x4-baan aanpak. Die demonstrasies, wat die voertuie tot hul uiterste sal toets, sal ook die kundigheid van hierdie professionele bestuurders vertoon. 4x4-entoesiaste sal dit inspirerend vind en ook ’n voorsmaak kry van dit wat hulle met hul eie voertuie kan vermag. Die klank van die enjins en die indrukwekkende maneuvers van die professionele bestuurders gaan dus sonder twyfel die opwindende atmosfeer by NAMPO Kaap verhoog.

Die demonstrasies sal ook aan belangstellendes die kans bied om die nuutste modelle en tegnologie in aksie te sien. Dit sluit verbeterde suspensies, kragtiger enjins en gevorderde aandrywingstelsels in wat die voertuie meer doeltreffend en robuus maak.

## Bemeester tegniese vaardighede

4x4-voertuigentoesiaste sal verder van die geleentheid gebruik kan maak om eerstehands by kenners kers op te steek oor die bemeestering van tegniese vaardighede en tegnieke wat nodig is om verskeie uitdagende terreine te navigeer. Antwoorde sal verkry kan word oor hoe om korrekte spoedbeheer te handhaaf, hoe om hindernisse te oorkom en hoe om die voertuig se verskillende eienskappe effektief te benut. Verder bied hierdie demonstrasies ’n geleentheid aan 4x4-entoesiaste om ervarings uit te ruil en deel te wees van ’n gemeenskap wat hul passie vir dié tipe voertuie deel.

## Bekende handelsmerke wys hul staal

Ford
Ineos
Isuzu
Mahindra
Mercedes-Benz
Rola Trust (verskeie handelsmerke)
Suzuki
Toyota
Volkswagen

Demonstrasies sal voertuie tot die uiterste toets.









## Veiligheid voorop

- Tydens die demonstrasies sal toeskouer- en passasiersveiligheid die hoogste prioriteit van die organiseerders, bestuurders en beamptes geniet.
- Gekwalifiseerde beamptes en lede van die NAMPO Kaap-bestuur sal hiervoor verantwoordelik wees.
- Diegene wat daarna uitsien om ’n rit saam met ’n professionele bestuurder mee te maak sal vooraf ’n vrywaringsvorm moet teken.

NAMPO Kaap se organiseerders spits hulle daarop toe om ’n verskeidenheid van ervarings vir alle besoekers te bied en die 4x4-demonstrasies dien as een van die hooftrekpleisters. Daar sal vir seker tydens die demonstrasies iets wees om te geniet en te leer – hetsy jy ’n gesoute 4x4-entoesias is of net nuuskierig is oor die krag en vermoë van hierdie voertuie.

Die Engen-4x4-baan is geleë naasliggend tot die Greenworks-resiesbaan waar daar elektriese motors en vierwielmotorfietse uitgestal sal word. ●


Jimny
5-door
ALLGRIP
PRO
BORN FOR MORE!
SUZUKI
Jimny
5-door
1.5 GL MT
FROM R429 900 incl. VAT
Retail price includes 4-year/60 000km service plan.
211 L
Brake LSD Traction Control
AllGrip Pro 4WD Low Range Gear
Authentic Off Roader
Improved Luggage Space
Infotainment System
5-Door 340mm longer
Discover more at SuzukiAuto.co.za
Images shown are for illustrative purposes only.
SUZUKI


sien die(selfde) verskil
Miravis Aeon
Miravis Neo
Miravis Neo
IS NOU
Miravis Aeon
3 redes om MIRAVIS® Aeon te kies:
ADEPIDYN™ tegnologie met sy bewese lang nawerking en stabiliteit in die blaar, beskerm jou gewas teen 'n wye verskeidenheid swamsiektes en verseker sodoende dat energie vir graanvul aangewend word vir hoër opbrengs.
3-in-1 formulasie van ADEPIDYN™ tegnologie ondersteun deur AMISTAR® tegnologie en propikonasool, sal MIRAVIS® Aeon na hardnekkige swamsiektes laat omsien.
Reënvas binne 1 uur: Onverwagte reënval maak geen verskil aan MIRAVIS® Aeon se effektiwiteit nie.
MIRAVIS® Aeon. Die verskil is soos dag en nag.
Miravis® Aeon
syngenta®
LEES DIE PRODUKETIKET VOOR GEBRUIK.
MIRAVIS® AEON bevat ADEPYDIN™ (pydiflumetofen) 75 g/ℓ, asoksistrobien (strobilurien) 100 g/ℓ en propikonasool (triasool) 125 g/ℓ (Reg. Nr. L11258, Wet 36 van 1947) GEVAAR. **GHS-Gevaarstelling:** Skadelik indien ingesluk of ingeasem word. Veroorsaak ernstige oogirritasie. Word daarvan verdink dat dit vrugbaarheid of die ongebore kind kan beskadig. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.
MIRAVIS® AEON (nie beperk nie), die verwantskapraam, die doelwit-ikoon en die woord Syngenta is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groepmaatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms.) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.
@SyngentaSA | www.syngenta.co.za

# Dis waaroor die GEKRAAI en GEKEKKEL gaan

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

In die Wes-Kaap kraai hoenders koning op landbouskoue. By NAMPO Kaap gaan Hennie Swart, voorsitter van die Orpington-klub en lid van die Wes-Kaap Pluimveeklub se komitee, weer 'n paar van sy skouhane en -henne kom uitstal.

Tydens SASPO (die Suider-Afrikaanse Skoupluimvee-organisasie) se 106de nasionale kampioenskap einde Junie in Bloemfontein, het hy met 'n klompie pryse weggestap. Daar was 100 uitstallers wat 110 verskillende pluimveerasse geskou het – wat ook duiwe en eende ingesluit het. Elke ras het sy eie standaard waarvolgens beoordeling plaasvind.

Swart, 'n garskwaliteitspesialis by AB InBev se garskwaliteitlaboratorium naby Caledon, skou al jare met hoenders. Alhoewel September eintlik broeityd is vir ernstige hoendergeesdriftiges, is dit vir hom belangrik om die skoupluimveebedryf bekend te stel op landbouskoue sodat mense bewus gemaak kan word van die groot verskeidenheid hoenders in Suid-Afrika.



**Hierdie Old English Game-haan is 'n raskampioen.**



**'n Paar spoggerige Sussex-hane.**

Hy boer self met 20 verskillende rasse – en hy weet hulle maak soms sy bure "die hoenders in" met die gekraai! Die swaarste haan in sy kamp is 'n Orpington-haan wat 7,5 kg weeg. "Die Orpingtons is 'n besonder swaar ras," vertel hy. Die ligste hennetjie het 'n skamele 690 kg geweeg. By NAMPO Kaap gaan hy 'n haan en hen van twaalf van die rasse uitstal.

*Elke ras het sy eie standaard waarvolgens beoordeling plaasvind*

Dit is vir Swart belangrik om die jeug te motiveer om deel te neem omdat hulle die uitstallers van die toekoms is. Die Wes-Kaap Pluimveeklub is tans besig om siggestremde leerders van Pionierskool in Worcester aan skoupluimvee bloot te stel. Hy is juis betrokke by jeugskoue as beoordelaar en sal by die Overberg-streekjeugskou beoordeel wat tydens NAMPO Kaap plaasvind.

Volg die gekekkel en gekraai en kom brei jou pluimveekennis uit. ●



**By NAMPO Kaap sal daar ten minste twaalf rasse uitgestal word.**

# Modernising for productivity

**Supplied by SEW-EURODRIVE**



**SEW-EURODRIVE South Africa's national sales and marketing manager, Jonathan McKey.**

Making its debut appearance at NAMPO Cape in Bredasdorp this year, geared-motor specialist SEW-EURODRIVE is all set to excite the farming community with even more solutions to drive productivity and efficiency.

From its firm footprint in the agricultural sector – through packhouses and bottling facilities countrywide – SEW-EURODRIVE now takes its offerings onto the lands, for instance with its quality gear units for centre pivots. Jonathan McKey, national sales and marketing manager at SEW-EURODRIVE, says this is part of its continuous innovation to give producers more energy-efficient solutions for streamlined and automated operations.

## Packhouse solutions

'Our classic 7 Series geared motors have for many years proudly served the farming industry – in various packhouse applications, including conveyors, sorters and box packaging lines,' says McKey. 'These solutions have long been fitted with premium efficiency IE3 motors – which are also available as non-integral units – delivering considerable savings in energy costs.'

Variable speed drive (VSD) technology allows for further efficiency and even the finetuning of production lines to suit the pace of demand.

'As part of modernising packhouse facilities, VSDs allow solutions to be tailored to a changing production pattern,' he says. 'Another opportunity for greater efficiency is our ECDriveS® drive system for roller conveyors in light-duty materials handling.'

McKey emphasises the work SEW-EURODRIVE has done in 'closing the loop' to meet more of the drive requirements in farming. The company now supplies, installs and services the centre drive and wheel drives for pivot irrigation systems – as well as the drive technology to power them.

'These solutions have been popular on farms in Brazil since the 1980s,' he explains. 'Similarities with South African conditions show that this offering will add value locally too.'

Aligning to the shaft sizes and flange connections on existing centre pivot irrigation equipment, SEW-EURODRIVE provides a 'plug and play' solution of gearing, casing and motor. The concept is also more cost effective and sustainable, as the company will service and repair the drive systems – not just replace them.

## Customer support

Underpinning the performance customers demand, SEW-EURODRIVE's product quality and support mean that the systems achieve the highest levels of uptime. The company's extensive national service footprint and decentralised stocking policy mean that servicing and parts are quickly available to customers within a matter of hours.

'Every key agricultural region is well served by our comprehensively stocked facilities in Cape Town, Nelspruit and Gqeberha – for current products as will it be for the pivot solution,' he says. 'We appreciate that agricultural products are sensitive to time and delay, so we help ensure minimal downtime.'

McKey says SEW-EURODRIVE also recognises the importance of sustainability principles in agriculture, and builds this approach into its designs. The high performance ECO2 geared motor, for example, is made from uncoated aluminium, which forms a thin protective layer when in contact with oxygen. With no coating or solvent on the surface, the result is more cost effective, environmentally friendly and easier to recycle.

The company has even developed its own premium lubricants, based on its decades of field experience. These boost operational performance by reducing friction between gear wheels, and extend the life of sealing rings. These innovations are ideal for applications in the food and beverages industry as well.

'Visit us at stand T6 at NAMPO Cape in Bredasdorp,' says McKey. 'We also look forward to talking to visitors about their aspirations to modernise their facilities, as we can walk this journey with them.' ●

*For more information visit www.sew-eurodrive.co.za; Linkedin – www.linkedin.com/company/SEW-EURODRIVE-sa/; Facebook – www.facebook.com/SEWEurodriveSA; YouTube - www.youtube.com/user/SewEurodriveTV.*

**Focused on efficiency within the application, SEW-EURODRIVE's variable speed drives and other offerings allow for modernisation of packhouse facilities and production lines.**



SEW EURODRIVE

DRIVING
AGRICULTURE

SEW-EURODRIVE IS PROUD TO DRIVE
THE SECTOR THAT FEEDS OUR ECONOMY

Our innovative and reliable drive systems and automation technology help optimize energy usage, reduce downtime, and improve performance in various agricultural applications.

Committed to providing technical support and customised training that will maximize equipment performance and lifespan, you can be sure of increased productivity and profitability in your application.



MOVI-C® MODULAR AUTOMATION SYSTEM

DR.. SERIES MOTORS

7 SERIES GEARMOTORS

X.E HELICAL AND BEVEL-HELICAL GEAR UNITS

IRRIGATION DRIVES

VISIT US AT
NAMPO
KAAP | CAPE

11 12
13 14
SEPTEMBER
BREDASDORP PARK

FIND US AT
STAND
T6

DRIVING AFRICA. DRIVING THE WORLD.

# Neem 'n STUKKIE NAMPO huis toe

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Diegene wat graag reis, is lief daarvoor om 'n spesiale aandenking van hul verskeie bestemmings te koop. Só kan jy herinner word aan 'n spesiale tyd op 'n spesiale plek. Jy kan ook aan jou besoek aan NAMPO Kaap op Bredasdorp herinner word as jy by Graan SA se stalletjie in die BKB-saal inloer. Hier word NAMPO Kaap- en Graan SA-aandenkings te koop aangebied.

## Groot verskeidenheid

Kies uit 'n verskeidenheid handelsmerkgebruiksitems wat jou aan landbou kan herinner. Hier is iets vir elke smaak: van kombuis- en braaiplekware tot leeritems en skryfbehoeftes.

- As jou skoene nie geskik vir Bredasdorp Park is nie, skaf NAMPO-vellies aan om seker te maak jy kan gemaklik voetslaan na al die punte op die terrein.
- Met 'n NAMPO Kaap-waterbottel is jy verseker dat drinkgoed byderhand is óf dat jou koffie warm bly as die oggendluggie koel is.
- As jy jou misgis het met die weervoorspelling, is daar 'n mus en warm baadjie of *sweater* vir die koel briesie óf 'n kortmouhemp en pet vir die warm sonstrale.
- Verskeie ander aandenkings wat oulike geskenke maak – soos braaitoerusting en 'n handige leersakkie – word ook te koop aangebied. ●

Kom koop 'n NAMPO Kaap-aandenking by Graan SA se stalletjie in die BKB-saal.












20 24 NAMPO KAAP | CAPE

PRODUCT INFORMATION

# A FULL RANGE OF construction equipment ON DISPLAY

**Mark Senyard,** Babcock

Join Babcock at NAMPO Cape to experience our comprehensive range of equipment and machinery solutions. We are excited to showcase our line-up of SDLG and Bull machinery, designed to meet your toughest operational needs with reliability, performance, and cost-effectiveness.

Visit our outdoor stand 162, where you'll find a hands-on display of top-performing equipment from a range of SDLG wheel loaders and excavators, as well as Bull backhoe loaders and skid steer loaders. Our expert team will be on hand to answer your questions and provide insights into how the machinery can enhance your operations.

## Special offers and competitions

Qualify for exclusive NAMPO show offers – discounts on selected machinery – available only during the event. Plus, don't miss your chance to enter Babcock's daily competition.

## Join us at NAMPO Cape

Babcock is committed to providing quality service and support to our customers. At NAMPO Cape, we will showcase not only machinery but also our extensive service network across Southern Africa. We will be highlighting our comprehensive maintenance and support services, ensuring that your equipment stays in peak condition with minimal downtime.


Visit us at outdoor stand 162 to explore our full range of machinery and learn more about how we can support your business. As the OEM for Volvo CE, Bull, SDLG, Sennebogen, and DAF, we are your trusted partner for a full range of construction machinery and trucks.


We look forward to seeing you there! ●

*Learn more about us at www.babcock.co.za and connect with us today.*

**Babcock will showcase premier construction equipment at NAMPO Cape.**



# Wen met ’n vindingryke boereplan

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Graan SA bied weer met die ondersteuning van Omnia en *Landbouweekblad* ’n geleentheid aan landbou-entoesiaste om hul vernuftige boerderyplanne met NAMPO Kaap-besoekers te deel. Só ’n plan kan boonop vir die wenners ’n kontantprys in die sak besorg.

Te oordeel na die planne wat in die vorige twee jare ingeskryf is, is Suid-Afrikaanse produsente beslis vindingryk, want “’n boer maak mos ’n plan” en soms hoef die plan ook nie ’n ingewikkelde een te wees nie.

Die boereplanne-projekbestuurder, Wim Venter van Graan SA, sê enige prototipe of voltooide ontwerpe van hulpmiddels, toerusting of toestelle wat take vergemaklik of meer ekonomies maak, is welkom. “Dit is belangrik dat geen inskrywing vir ’n produk, toerusting of toestel iets sal wees wat in die handel bemark word, gepatenteer is of in ’n proses van registrasie is nie.” Meer as een inskrywing per deelnemer is welkom.




Pieter du Toit het vir 2023 se kompetisie ’n plan beraam om die meganiese graaf makliker te vervoer.

## Skryf jou plan in

Afdelings waarin inskrywings kan meeding, is die volgende:

A: Nuut – masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit).
B: Gemodifiseerde masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit).
C: Gereedskap – alle gereedskap, elektries en nie-elektries.
D: Huis en tuin – planne wat in en om die huis (ook in die kombuis) gebruik kan word.
E: Ope afdeling – enige item wat nie hierbo genoem word nie, met ’n vervaardigingskoste van minder as R5 000.
F: Skole-afdeling – enige inskrywing van ’n student/leerder aan ’n onderriginstansie.

## Neem kennis hiervan

- Inskrywingsvorms en ’n voorbeeld van die plan moet teen 14:00 op Dinsdag 10 September op die Boereplanneterrein wees. Net die amptelike inskrywingsvorm mag gebruik word. Die afdeling moet duidelik op die inskrywingsvorm aangedui word.
- Inskrywings moet beskikbaar bly vir uitstalling tydens NAMPO Kaap vanaf 11 tot 15 September.
- Geen laat inskrywings sal toegelaat word nie.
- Beoordeling vind plaas op Woensdag 11 September by Standplaas D, reg langs die Omnia-uitstalling.
- Wenners word op Vrydag 13 September tydens die prysuitdelingsgeleentheid aangekondig.
- Deelnemers wat inskrywings voor 2 September aan Graan SA of NAMPO Kaap lewer, sal deur *Landbouweekblad* geskakel word vir ’n volledige beskrywing, wat tydens die ekspo saam met die inskrywing vertoon sal word.
- Alle inskrywings kan sonder toestemming of tantieme deur ander “plansoekers” nagemaak word om take of aksies op die plaas te vergemaklik.

JP Rossouw se byevang-apparaat het baie aandag by NAMPO Kaap 2023 getrek.




## Verbeter jou kans só

- Elke deelnemer bly verantwoordelik vir die vervoer van sy/haar boereplan na Bredasdorp Park, tensy anders gereël met Omnia Nutriology®.



Eddie Steenkamp se lamkruipvoerder.




Met Attie du Toit se "vasvat" kan jy pale moeiteloos uit die grond trek.

- Graan SA, Omnia Nutriology® en *Landbouweekblad* aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verliese met deelname nie.
- Alle deelnemers moet vir die duur van die beoordeling op Woensdag 11 September teenwoordig wees om hulle planne te demonstreer en vrae te antwoord.
- Elke wenner, of 'n verteenwoordiger wat deur hom/haar aangewys is, moet op 13 September om 12:00 by die prysuitdeling by NAMPO Kaap wees, anders word die prysgeld verbeur.
- Inskrywings van gepatenteerde items wat in 'n nuwe inskrywing omskep word, word net aanvaar as dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
- Die beoordelaars sal pryse volgens hul eie diskresie toeken.
- Inskrywings wat volgens die beoordelaars nie gepas is nie, sal gediskwalifiseer word.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal. Geen kommunikasie hieroor sal gevoer word nie.
- Inskrywings moet die uitstalarea by Bredasdorp Park teen 14:00 op 10 September bereik, saam met 'n afskrif van die inskrywingsvorm, vir toegang tot die terrein.
- Geen inskrywings mag voor Saterdag 14 September om 14:30 verwyder word nie.
- Alle Omnia- en *Landbouweekblad*-boereplanne-inskrywings word tydens NAMPO Kaap as permanente uitstallings hanteer. Indien 'n bakkie/sleepwa vir die plan se werking gebruik word, moet die voertuig ook op die perseel bly. ●

*Dit amptelike inskrywingsvorm is beskikbaar op **bladsy 64** of ontvang 'n vorm deur 'n e-pos te stuur na wim@grainsa.co.za of admin@expo.org.za. Vir navrae, skakel 086 004 7246.*




George Coetzee, 'n leerder van Hoërskool Oakdale, se hidrouliese ophyser het laasjaar 'n tweede prys ontvang in die skole-afdeling.



# NAMPO KAAP Boereplanne

**TOTALE PRYSGELD VAN R50 000 IS OP DIE SPEL!**

## Wen groot met jou unieke boereplanne op vanjaar se NAMPO Kaap. Skryf vroegtydig in om jou plek te verseker.

**Amptelike inskrywingsvorm**

Hierdie planne sluit enige toerusting in wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te pak. Die toerusting mag nie reeds gepatenteer wees nie en mag deur enigiemand vir eie gebruik nagemaak word.

**Inskrywings**

Rig alle inskrywings aan Wim Venter by *wim@grainsa.co.za* of skakel hom by 086 004 7246 met enige navrae.

Naam en van: ______________________________

Adres: ______________________________

Selfoonnommer: ______________________________

E-pos-adres: ______________________________

Plan staan bekend as: ______________________________

Beskrywing: ______________________________

______________________________

______________________________

Naam van skool/instansie (F):

Dui die afdeling met 'n kruisie aan:

A Nuut – masjinerie, implemente en landboutoerusting (digitale tegnologie ingesluit)

B Gemodifiseerd – masjinerie, implemente en landbou-toerusting (digitale tegnologie ingesluit)

C Alle gereedskap – elektries sowel as nie-elektries

D Huis en tuin – planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis

E Ope afdeling – enige item nie hierbo genoem nie, met 'n vervaardigingskoste minder as R5 000

F Skole-afdeling – enige inskrywing van 'n student/leerder aan 'n onderriginstansie verbonde, insluitend 2023-projekte

Hierdie jaar kan items wat reeds kommersieel beskikbaar is ook in 'n spesiale kategorie ingeskryf word. Prysgeld is nie van toepassing nie, maar 'n NAMPO Kaap 2025-uitstalruimte (10m x 10m) sal aan die wenner gegee word. Slegs een plan per persoon sal toegelaat word, en deelnemers moet *bona fide*-boere wees. Verder geld al die reëls.

Ek onderneem hiermee om by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: ______________________________

**Reëls**

1. Ingeskrewe artikels moet van Woensdag tot Saterdag by Graan SA se NAMPO Kaap uitgestal word.
2. Slegs inskrywings op die amptelike inskrywingsvorm sal aanvaar word.
3. Alle deelnemers sal na afloop van NAMPO Kaap deur *Landbouweekblad* gekontak word vir moontlike publikasie van die betrokke inskrywing in *Landbouweekblad* of op *Landbou.com*.
4. Die deelnemer is verantwoordelik vir die vervoer van sy plan voor en na die kompetisie, tensy anders met die borge ooreengekom.
5. Graan SA, Omnia Nutriology® en *Landbouweekblad* aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verliese tydens deelname aan die kompetisie nie.
6. Elke deelnemer of sy verteenwoordiger moet tydens die beoordeling op Woensdag 11 September 2024 teenwoordig wees om die plan te demonstreer. Deelnemers kwalifiseer as uitstallers en is dus geregtig op een gratis kaartjie vir elke dag wat hulle op die terrein is.
7. Wenners, of hul verteenwoordigers, moet tydens die prysuitdeling op Vrydag 13 September 2024 om 12:00 teenwoordig wees.
8. Items wat reeds kommersieel bemark word of in die proses is om as patent geregistreer te word, kan in die spesiale kategorie ingeskryf word, mits dit nie ouer as twee jaar is nie. Die wenner in hierdie kategorie sal die spesiale Graan SA-prys soos bo genoem wen.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
10. Die beoordelaars sal pryse na goeddunke toeken en inskrywings diskwalifiseer wat nie na hul oordeel gepas is nie. Spesiale pryse mag volgens die beoordelaars se diskresie toegeken word.
11. Deelnemers kan in die afdelings soos hierbo uiteengesit meeding.
12. Inskrywings moet Graan SA voor of op Maandag 2 September 2024 bereik, behalwe vir kommersiële planne wat voor 26 Augustus ingedien moet wees.
13. Inskrywings moet teen 14:00 op Dinsdag 10 September 2024 op die Boereplanneterrein wees. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm moet saam met die plan by die ingangshek getoon word om toegang te verkry.
14. Geen inskrywings mag voor 14:30 op Saterdag 14 September 2024 van die terrein verwyder word nie.

**Die prysuitdeling vind op Vrydag 13 September 2024 plaas. Besoekers word genooi om die inskrywings by die Boereplanne standplaas langs Omnia te kom besigtig. Skakel Wim Venter by 086 004 7246 met navrae.**

# NURTURING GROWTH, CULTIVATING EXCELLENCE:

## A Legacy of Agricultural Achievement



omnia NUTRIOLOGY

# Terreinkaart/ site map

**Neptun Hall**
Neptun Overberg Fynbos Exhibition
Overberg Tea Garden
Honey Show

**Western Cape Museums Tent**

**BKB Livestock Centre**
Sheepdog competition
Young Auctioneers Competition
Overberg Regional Youth Show

**Fuchs Arena**
Lipizzaner performances
Equine Discipline Expo
Griffins Horse Archery Demonstrations
Pony rides

**Omnia Farmer's Innovations**

**SRS Sasha's Food Gallery**

**Land Bank Livestock Tent**
Breed exhibitions

**Wyoming Spur Take Aways**


**Voermol Exhibition Hall**
Exhibitions
Voermol Flora exhibition
Coffee Cafe
Bredasdorp High Foodstall


**ABSA Building**
Grain SA Reception venue
Hollard Bistro

**Lemco Building**
Emergency services

**De Heide Tuckshop**
**Biltong & Brew**
**Chip n Dip**
**Suidpunt ACVV Dienssentrum**

**Ticketpro Office**






**Water Wise Centre**
Soilless Growing Systems
Demonstrations
Hydroponics and Aquaponics

**WC Dept of Agriculture Tent**
NAMPO Cape Schools Programme

**WPS water filtration demonstrations**

**Standard Bank Rûens Kollege Steakhouse**

**Santam Auditorium**
NAMPO Cape Beauty

**Hectic Biltong**
**Colin's Kudu Stall**

**Margerite Uys Playground**

**Let's Taco Food Stall**

**Total Exhibition Hall**
Exhibitions

**Experimental Plots**
Grain experiments

**Zoetendal Food Stall**

**BKB Exhibition Hall**
Exhibitions
BKB Suideroord Tea Garden
Bredasdorp Primary Food Stall
Grain SA Information Office
Media Lounge


**Engen 4x4 Track**
Vehicle demonstrations

**Distinctive Choice Tent**
Women's Programme

**Dik Frik Spitbraai**

# NAMPO KAAP | CAPE

## Sale-uitleg/ Layout of halls






Mobil Delvac™

African Group Lubricants offers a full suite of Mobil™ lubricants, for the ultimate protection of your farming equipment.

CONTACT US TODAY
agri@aglubricants.co.za
011 824 0560

# Vir **JOU**, maak ons 'n **plan!**



Met meer as 100 jaar se besigheidservaring in die landbousektor, is daar min ander wat ons vennote se behoeftes so goed verstaan soos **AFGRI**. Ons diverse dienste en produkte bied pasgemaakte oplossings, net vir jou.

- GRAIN MANAGEMENT
- EQUIPMENT
- FINANCIAL SOLUTIONS & INSURANCE BROKERS
- ANIMAL FEEDS
- MILLING
- RETAIL
- LEMANG

Jou vennoot in **Landboubesigheid**

Skakel ons nou by: **011 063 2347** of besoek **www.afgri.co.za**

AFGRI

SINCE | SEDERT 1923